Bylae aan Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms

Bestuursplan vir Roodebergskloof
Inhoudsopgawe

Konsep 22 Februarie 2008 ..... **Error! Bookmark not defined.**
Volume 1 3
Agtergrond tot die Bestuursplan vir Roodebergskloof 3
1. Doelstelling en regsraamwerk van die Bestuursplan 3
2. Die aanstelling en pligte van 'n projekbestuurder 4
3. Beskrywing en ligging van Roodebergskloof 5
4. Grondgebruike op Roodebergskloof 6
5. Die Munisipale Weidings Regulasies 8
6. Finansiële aspekte 8
7. Wysiging van die bestuursplan 9
8. Oortreding of verbreking van die bestuursplan 9
9. Regte van Inwoners 10
10. Beskrywing van die grond ..... **Error! Bookmark not defined.**
11. Infrastruktuur register 11
12. Biodiversiteits Belang 11
13. Klimaat van Roodebergskloof 15
14. Agtergrond van Toerisme 16
15. Veeboerdery 18
16. Leesstukke 20
Volume 2 21
Volhoubare Bestuur van Roodebergskloof: Bestuursmaatreëls 21
17. Inleiding 21
Program 1: Bestuur van volhoubare veeboerdery en toegang tot veeboerdery 21
18. Inleiding 21
19. Area wat bewei moet word 22
20. Weidingsbestuurstelsel 22
21. Voorwaardes vir oprigting en gebruik van veeposte te Roodebergskloof 25
22. Weidingsooreenkomste en weidingsregister 26
23. Veegetalle 27
24. Veetipes 27
25. Infrastruktuur Ontwikkeling en Bestuur 28
26. Instandhoudingsfooi per KVE 29
27. Bestuur en gebruik van die Instandhoudingsfooie 30
28. Instandhouding van infrastruktuur 31
29. Die hantering van aansoeke vir toegang om op Roodebergskloof te wei 32
30. Kriteria van toelating as veeboer tot Roodebergskloof 33
31. Nuwe grond 34
Programme 2: Volhoubare insameling van natuurlike hulpbronne 34
32. Riglyne vir vuurmaakhout insameling 34
33. Riglyne vir die versameling van plant materiale vir strukture of ander gebruike soos handwerke 35
34. Riglyne vir insameling van medisinale plante 36
Programme 3: Bestuur van Organiese Akkerbou 36
35. Agtergrond 36
Programme 4: Bestuur van bewaringsgebiede 37

36. Agtergrond....37
37. Eksklusiewe bewaringsgebied....38
38. Spesiale bewaringsareas....38
39. Wildlewe bestuur....40
40. Riglyne vir die bestuur van die Gemsbokke op Roodebergskloof....40
41. Riglyne t.o.v. die bestuur van skadedoenende diere....40
42. Riglyne ten opsigte van die aanhouding van honde....41
Program 5: Bestuur van natuur-gebaseerde toerisme....42
43. Toerisme-ondernemings....42
Programme 6: Implementering van die Bestuursplan....46
44. Bestuursbenadering....46
45. Liggame en personeel vir die implementering van die bestuursplan....47
46. Monitering....49
Volume 3....50
Volhoubare Bestuur van Roodebergskloof: Operasionele Plan....50
Program 1: Bestuur van volhoubare veeboerdery en toegang tot veeboerdery....50
47. Projek: Veeboerdery....50
Program 2: Volhoubare insameling van natuurlike hulpbronne....51
48. Projek: Natuurlike hulpbronne....51
Program 3: Bestuur van Organiese Akkerbou....51
49. Projek: Organiese Akkerbou....51
Programme 4: Bestuur van bewaringsgebiede....51
50. Projek: Eksklusiewe Bewaringsarea....51
51. Projek: Plantspesies bestuur....51
52. Projek: Dierspesies bestuur....51
53. Projek: Skadedoenende diere....52
54. Projek: Veldbrand bestuur....52
55. Projek: Bestuur van vleilande....52
56. Projek: Kulturele, historiese, argaeologiese en paleontologiese erfenis gebiede....52
57. Projek: Omgewingsopvoeding program....52
Program 5: Bestuur van natuur-gebaseerde toerisme....52
58. Projek: Toerisme ontwikkeling....52
Program 6: Implementering van die Bestuursplan....53
59. Projek: Implementering....53
60. Projek: Monitering en evaluasie....53
61. Bylae A: Weidingsooreenkoms....53
62. Bylae B: Akkerbouooreenkoms....53
63. Bylae C:....53

Volume 1

Agtergrond tot die Bestuursplan vir Roodebergskloof

1. Doelstelling en regsraamwerk van die Bestuursplan

1.1 Die Bestuursplan is ‘n bylae tot die hoofooreenkoms getitel “Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms” (hierna genoem die hoofooreenkoms).

1.2 Ooreenkomstig die bepalings van die hoofooreenkoms bepaal die plan hoe natuur-gebaseerde toerisme, volhoubare weidingspraktyke en akkerbou ontwikkel gaan word om die unieke biodiversiteit op die plaas te bewaar op ‘n manier wat die huidige en toekomstige inwoners van die plaas sowel as die breë Garies gemeenskap bevoordeel, met inagneming van die arm en minderbevoorregtes.

1.3 Ooreenkomstig die bepalings van die weidings regulasies word die plan as ‘n vyf jaar plan vir die Bestuur van die Roodebersgkloof Meent wat sal deel vorm van en voldoen aan die vereistes van ‘n Geïntegreerde Ontwikkelings Plan, soos uiteengesit in die Wet op Munisipale Sisteme, Wet 32 van 2000 en soos verder bepaal in klousule 6 van die regulasies.

1.4 Die bestuursplan vervang die “Garies Bestuurplan Meentgrond” van Augustus 2000 sedert dit toepastelik is tot Roodebergskloof.

1.5 Die Roodebergskloof Ooreenkoms spesifiseer dat die Roodebergskloof Implementeringskomitee (IK) verantwoordelik is vir oorsig oor implementering, vir hantering van sekere verbrekings van die kontrak en om ondersteuning te voorsien aan die Projekbestuurder. Die Projekbestuurder sal verantwoordelik wees vir dag tot dag bestuur van die plaas en om te verseker dat die partye voldoen aan hulle verbondenheid wat uitgelê is in die voordelekontrak. Aan die begin sal die Projekbestuurder deur CI gekontrakteer word. ’n Breë Implementeringsforum is ook gestig in terme met die ooreenkoms wat leierskap voorsien en wat as ’n inligtingsfasiliteit optree.

1.6 Die ooreenkomste, regulasies en wette hierin vermeld is “mutatis mutandis”[1] van toepassing op hierdie bestuursplan. Waar die plan in breek is met die gemelde bepalings van reëls en ook die wet in die algemeen, geld die bepaling van die wet.[2]

1.7 Woorde en terme word gebruik soos gedefinieer in die gemelde wette en reëlings.

---

[1] Dit beteken – van toepassing tot die mate waar die bepalings direk betrekking het binne die konteks van die bepalings van die plan.

[2] Vir die doeleindes van gerief, word klousules en frase wat vanuit die wette ens, geneem is aangedui.

1.8 Die plan is opgestel in ooreenstemming van en is onderhewig aan bepalende wette insluitend beginsels vir volhoubare omgewings en finansiele bestuur. (Bepalende wette is dus outomaties van toepassing en moet vir die doeleindes van intrepretasie in die plan ingelees word.)

1.9 Die voorgestelde bestuursplan is dus opgestel ooreenkomstig die reëlings en vereistes van onder meer die Munisipale Stelsels Wet en die Munisipale Finansiele Bestuurs Wet (en die weidingsregulasies wat kragtens die wette uit gevaardig is) aan die eenkant en die eienaarskap bevoeghede aan die anderkant.

1.10 Uithoofde van die feit dat die Munisipaliteit die eienaar van die grond is en die feit dat die grond binne die regsgebied van die Munisipaliteit val, lê die finale verantwoordelikheid vir die adminsitrasie en bestuur van die grond by die munisipaliteit en moet dit bestuur (en toegeken en gebruik) word in terme van die wette en beginsels van toepassing op munisipliteite.

1.11 Die munisipaliteit se eienaarskap bevoeghede is beperk weens die toepassing van die meent servituut wat teen die grond geregistreer is en verder enige regsgeldige ooreenkomste aan gaande die beheer en gebruik van die grond wat kragtens ooreenkoms beding is, waar die hoofooreenkoms wat reeds gesluit is, die Roodebergskloof is.

1.12 Die kern ooreenkoms gaan die individuele ooreenkomste wees wat gesluit word met vee eienaars in terme waarvan die weidings regulasies kragtens ooreenkoms van toepassing gemaak gaan word, asook die ooreenkoms met die Akkerbou vereniging (en die individuele lede by naam).

1.13 Sonder om afbreek te doen aan die magte van die munisipaliteit word dit as leidende beginsel aanvaar dat die grondgebruikers sal poog om so ver as moonlik die "bestuur"[3] van die grond self waar te neem. Die reëlings hierin uiteengesit is dus by uitset van bepalende belang vir omgewings bewarings wetgewing en die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 Van 1983 en beheermaatreëls wat in terme van artikel 6 bepaal is. Die wet, regulasies, strafbepalings en stappe wat teen die grondeienaar en/of die grond gebruiker geneem kan word, moet in aggeneem word.

2. Die aanstelling en pligte van 'n projekbestuurder

2.1 Die Roodebergskloof Ooreenkoms spesifiseer dat die Roodebergskloof Implementeringskomitee (IK) verantwoordelik is vir oorsig oor implementering, vir hantering van sekere verbrekings van die kontrak en om ondersteuning te voorsien aan die Projekbestuurder. Die Projekbestuurder sal verantwoordelik wees vir dag tot dag bestuur van die plaas en om te verseker dat die partye voldoen aan hulle verbondenheid wat uitgelê is in die voordelekontrak. Aan die begin sal die Projekbestuurder deur Conservation International (CI) gekontrakteer word. 'n Breë Implementeringsforum is ook gestig in terme met die ooreenkoms wat leierskap voorsien en wat as 'n inligtingsfasiliteit optree.

[3] "Bestuur" (soos bepaal in die regulasies) sluit die administrasie, beheer, toekenning, instandhouding, ontwikkeling en bewaring van die Meent en infrastruktuur ooreenkomstig die Bestuursplan in.

3. Beskrywing en ligging van Roodebergskloof

3.1 Roodebergskloof bestaan uit die volgende plase

Plaas	Titelaktenommer	Grootte (ha)
Artikel 15 (’n gedeelte van artikel 6) van die plaas WELKOM No 523, Namakwaland, Noord-Kaapse Provinsie	T8096/1971	202.1247
Artikel 16 (’n gedeelte van artikel 7)van die plaas WELKOM No 523, Namakwaland, Noord-Kaapse Provinsie	T8098/1971	91.4421
Roodebersgkloof No. 425, Namakwaland, Noord-Kaapse Provinsie	T23972/1971	3253.0000
Annex Roodebergskloof No. 424, Namakwaland, Noord-Kaapse Provinsie	T26183/1967	866.1166
Totale grootte		4412.6725

3.2 Die eienaar van die grond is die Kamiesberg Munisipaliteit wat die grond bekom het deur fondse beskikbaar gestel deur die Departement van Grondsake op voorwaarde dat die grond gebruik sal word as meent in terme van die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Wet Nr. 209 van 1993) en die Tweede Wysigingswet op die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Wet Nr. 97 van 1996). Voorwaardes is neergestip in ’n notariële akte wat teen die titelaktes geregistreer is en wat voorsiening maak vir:

3.2.1 Die gebruik van die grond as meentgrond vir die voordeel van die inwoners van Garies, met ’n klem op die armes en minderbevoorregtes.

3.2.2 Die stigting van ’n verteenwoordigende bestuursliggaam (Munisipale Entiteit/Meentkomitee) wat sal toesien dat doeltreffende grondgebruikestuurstelsels en reëlings bestaan, ingestel en afgedwing word, in samewerking met die Kamiesberg Munisipaliteit.

3.2.3 Die grond mag nie belemmer, vervreem of belas word sonder die toestemming van die Premier van die Noord-Kaap nie.

3.3 Roodebergskloof is geleë in die Kamiesberge, ongeveer 16 km noordoos van Garies op die grondpad. Voorafgaande die aankope deur die Departement van Grondsake, was die vier gebiede verdeel in 15 kampe van verskillende groottes. Roodebergskloof is aan die grens van private plase en ‘n klein deel in die noordweste begrens die Leliefontein Kommunale Gebied. Die landskap word gekenmerk deur hoë berge, met steil hellings, en diep valleie, en Rooiberg Piek (1 706 m.b.s.), wat die hoogste piek in die Noord-Kaap Provinsie is, is ook deel van Roodebergskloof. Die ligging van Roodebergskloof word in Figuur 1 hieronder gewys.



Figuur 1: **Die ligging van Roodebergskloof In Namakwaland**

4. Grondgebruike op Roodebergskloof

4.1 In terme van die "Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms" het alle partye saamgestem dat die plaas as volg gebruik sal word:

4.1.1 Volhoubare veeboerdery area van omgeveer 3 192 hektaar waar weiding sal plaas vind.

4.1.2 Organiese akkerbou area binne die 34 hektaar gebied naby die plaasopstal op ongeveer 9 601 m² waar groente gekweek sal word. Die opstal gebied is ingesluit in die area vir veeboerdery.

4.1.3 Eksklusiewe bewaringsarea van ongveer 1 220 hektaar waar beperkte toerisme en geen ander grondgebruike sal plaas vind.

4.1.4 Spesiale bewaringsareas, soos op die soneringskaart aangedui, waar ander grondgebruike op 'n beperkte basis sal plaas vind.

4.1.5 Toerisme areas waar verskillende toeriste aktiwiteite sal voorkom: by die opstal waar toerisme fasiliteite soos die kampterrein en kookskerms sal wees; op die Rooiberg wandelpad soos op die soneringskaart aangedui; en op ander gedeeltes van die plaas wat toeriste informeel mag besoek.

4.1.6 Volhoubare benutting van natuurlike bronne (bv. vuurhout, medisinale plante, boumateriale) op 'n beperkte basis.

4.2 Die grondgebruik kaart hieronder dui bepaalde areas en gebruike aan.

Roodebergskloof Soneringskaart



5. Die Munisipale Weidings Regulasies

5.1 Die aangehegte regulasies sal verder van toepassing gemaak word op grond van ooreenkomste wat gesluit is tussen die individuele 'meent-gebruikers'[4]

5.2 Die Weidings regulasies vir die Kamiesberg Munisipaliteit (Noord-Kaap Provinsiale Koerant, 1 April 2002, no 676. Kennisgewing 18 van 2002 – bylae Kamiesberg Munisipaliteit weidingsregulasies bepaal onder andere, dat die bestuursplan sal die volgende insluit:

5.3 'n Beskrywing van die grond, die groottes daarvan en enige titelakte van ander afdwingbare kondisies wat sal bepaal die aanwysing en gebruik van die verskeie dele van grond;

5.4 'n Batesregister waarin die infrastruktuur van die Meent beskryf is en 'n kaart waarop dit aangedui word;

5.5 'n program vir:

5.5.1 die instandhouding en ontwikkeling van infrastruktuur;

5.5.2 die administrasie van die Meentbestuursstelsel;

5.5.3 die instandhouding van die weidingsgrond deur voorsiening te maak vir wisselweiding en die sluiting van kampe of dele van die Meent en die afbakening van kampe en areas vir gebruik deur sekere gebruikers;

5.5.4 die stappe wat geneem moet word, die proses wat gevolg moet word op gereelde periodes en die faktore wat in ag geneem moet word vir die vastelling van veegetalle in kampe en vir die vermindering van vee;

5.6 die faktore wat moet in ag geneem word om die munisipaliteit se jaarlikse Meentbestuur begroting te bepaal en die vereistes wat dit moet voldoen;

5.7 die vereistes wat die Meentkomitee bestuursverslae moet bereik, wat opgestel moet word op gereelde tye soos vasgestel deur die munisipaliteit, na die inagneming van voorstelle wat deur die Meent komitee gemaak word;

5.8 die faktore wat in ag geneem moet word in die berekening en bepaling van instandhoudingsfooie per klein vee-eenheid (KVE).

6. Finansiële aspekte

6.1 Roodebergskloof is die eiendom van die Munisipaliteit. Die Plaaslike Regerings Munisipalestelselakte, Akte 32 van 2000 verplig 'n munisipaliteit om dienste te voorsien op 'n finansieële volhoubare basis. In die geval van Roodebergskloof is die Implementerings Komitee, op wie die Munisipaliteit dien, verantwoordelik vir die finasiële bestuur van die plaas. Daarom moet die IK verseker dat die plaas op 'n finansieel volhoubaare manier bestuur word wat die lang termyn doelwitte van die plaas bevorder.

[4] Soos gedefinieer in die regulasies.

6.2 In terme van seksie 1 van Akte 32, “finansieel volhoubaar” beteken die voorsiening van ’n munisipale diens op ’n manier wat verseker dat die finansiëring van daardie diens wat interne en eksterne bronne insluit, insluitend inkomste begroting, toelae en subsidies vir die diens, genoeg is om die koste te dek van:

6.2.1 die begin kapitale uitgawes benodig vir die diens;

6.2.2 operering van die diens; en

6.2.3 Instandhouding, herstel en vervanging van die fisiese assette wat gebruik word in die voorsiening van die diens;

6.3 Die volgende fondse sal deel maak van die bestuursplan vir Roodebergskloof:

6.3.1 ‘n Fooi wat deur vee eienaars en die akkerbou groep direk betaal word aan die munisipaliteit vir administratiewe en dag vir dag instandhoudings en ander bestuurskoste te dek (sien deel 26.7)

6.3.2 Addisioneele fooie wat deur die vee eienaars betaal word wanneer hulle gesamentlik besluit dat addisioneele fooie nodig is vir spesifieke bestuurs aksie

6.3.3 Die Akkerbou groep sal selfinansierend wees in terme van die verskaffing van infrastruktuur (sien Akkerbouhuurkontrak)

6.3.4 Alle groep mag aansoek doen vir befondsing om Roodebergskloof in die raamwerk van die bestuursplan te ontwikkel. Hierdie fondes mag beskikbaar gestel word deur departemente in die goverment of ander instansies.

6.3.5 Die toeriesme besigheid sal hulle eie planne vir finansiele bestuur optrek.

7. Wysiging van die bestuursplan

7.1 Klousule 16 van die Regulasies verbind die Munisipaliteit om die Bestuursplan, hierdie Regulasies, die Weidingsooreenkomste te wysig na behoorlike konsultasie met die IK, of in die afwesigheid van ‘n komitee, ander verteenwoordigende liggame van die Meent gebruikers.

7.2 Die bestuursplan mag jaarliks vir wysiging oorweeg word ooreenkomstig die bepalings van die Munisipale Stelsels Wet aangaande die wysigings van die Geintegreerde Ontwikkelings Plan en ooreenkomstig die bepalings van die regulasies.

7.3 Die raad kan wysigings in die bestuursplan aanbring net na behoorlike en uitvoerige konsultasie met die IK ooreenkomstig die bepalings van die Munisipale Stelsels Wet.

7.4 Die Meentkomitee kan aanbevelings maak aan die Raad oor enige wysigings wat hulle as belang ag, maar wysigings aan die bestuursplan moet die goedkeuring van die raad dra voor dat dit in werking kan tree.

8. Oortreding of verbreking van die bestuursplan

8.1 Die IK sal verantwoordelik wees om oorsig oor implementering te hou, om oortredings te behandel soos beskryf in klousule 3 van die Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms en sal die projekbestuurder se dag tot dag pligstaat opstel en bystand tot die projekbestuurder gee.

8.2 Alle grongebruikers van Roodebergskloof moet die toepaslike ooreenkoms teken met die Munisipaliteit. Hierdie ooreenkomste verduidelik die verantwoordelikheid van die ondertekenaars. ‘n Weiooreenkoms en ‘n Akkerbouhuurkontrak was geontwikkel en is aan hierdie dokument aangeheg. Enigeen wat ‘n gebruik vir die grond voorstel wat nie in hierdie ooreenkomste gedek is nie moet ‘n toepaslike ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan en teken.

8.3 Die Kamiesberg Munisipaliteit Weidingsregulasies Kennisgewing 18 van 2002 klosule 31 spesifiseer die stappe wat geneem sal word teen die oortreding of verbreking van regulasies en weiooreenkoms.

8.4 Die Akkerbouhuurkontrak spesifiseer stappe wat moet geneem word deur die Munisipaliteit teen ondertekenaars van hierdie kontrak wat skuldig is aan verbreking van kontrak.

8.5 Verbod op dwarsboming en verhindering :

8.5.1 Geen persoon mag ‘n gevolmagtigde van die Munisipaliteit of IK wat instruksies het om ‘n boer se vee bymekaar te maak, te tel en te inspekteer, dwarsboom of verhinder in die uitvoering van sulke take nie.

8.6 Oortreding of verbreking van regulasies, die weiooreenkoms of die akkerbouhuurkontrak

8.6.1 Iemand wat in stryd optree met, of versuim om te voldoen aan: die bepalings van hierdie Regulasies; voorskrifte deur die Munisipaliteit; Departementele Voorskrifte; die bepalings van ‘n Weidingsooreenkoms, is aan ‘n misdryf skuldig en by skuldig bevinding in die Hof strafbaar tot ‘n vonnis soos deur die Hof vasgestel, met die verstandhouding dat enige persoon wie se regte benadeel word as gevolg van ‘n breuk of versuim daarop geregtig is om ‘n kriminele klag te lê.

8.6.2 Die Munisipaliteit is, bo en behalwe die neem van regstappe, bevoeg om stappe te neem om die gevolge van ‘n verbreking van die Regulasies reg te stel en die redelike onkoste daaraan verbonde, van die persoon of persone wie daarvoor verantwoordelik was te verhaal, met die verstandhouding dat waar daar meer as een verantwoordelike is, is die Munisipaliteit geregtig om die redelike koste wat aangegaan is om regstellings stappe te neem, om op ‘n afsonderlike basis die volle koste van enige een van die verbrekers ten volle te verhaal;

8.6.3 Met die verstandhouding dat die Munisipaliteit eers skriftelike kennis sal gee aan: ‘n persoon wat ‘n oorlas veroorsaak op die meent of wie se optrede aanleiding gee tot skade aan die meent, die infrastruktuur daarop, die weiding en plantegroei daarop, of die belange van ander meentgebruiker beperk of verminder,

8.6.4 en in die kennisgewing vermeld wat die probleem is en aan die verbreker of veroorsaker van die oorlas ‘n redelike geleentheid gun om die oorsaak van die oorlas te verwyder en/of die skadelike gevolge ten volle te herstel.

9. Regte van Inwoners

Inwoners is geregtig :

9.1 om van redes voorsien te word indien die Munisipaliteit enige stappe neem wat die gebruikers se bevoegdheid om die Meent te gebruik wesenlik affekteer.

9.2 om op redelike tye insae te kry tot: Weiooreenkomste; die Akkerbouhuurkontrak, ander toepaslike ooreenkomste, die Bestuursplan; die Meentregister; maandeliks finansiële state van inkomste en uitgawes betreffende meent bestuur; jaarlikse Implementerings Komitee begroting; die ses maandelikse Implementeringskomitee se bestuursverslag; die registers, rekords, boeke en verslae aangaande die bestuur en instandhouding; en notules van Munisipaliteitsvergaderings en Implementeringskomitee vergaderings.

9.3 'n afskrif van die Weiooreenkomste; Akkerbouhuurkontrak, ander toepaslike ooreenkomste, die Bestuursplan, en Weidingsregulasies.

9.4 redes indien 'n aansoek om die Meent te gebruik of die vermeerdering van vee af gekeur is.

9.5 Implementeringskomitee vergaderings by te woon en onderhewig aan die vooraf verkreë toestemming van die sekretaris, die vergadering toe te spreek.

9.6 Munisipaliteitsvergadering by te woon en onderhewig aan die vooraf verkreë toestemming van die sekretaris, die vergadering toe te spreek.

9.7 Geregtig om in eie naam teen enige verbreker van hierdie regulasie regstappe in te stel vir die verlening van gepaste regshulp deur die hof, insluitend die lê van 'n kriminele klag soos bedoel in klousule 7.5.1 hierbo.

10. Infrastruktuur register

10.1 Die plaas kaart (aangeheg) stel voor dat daar oorspronklik 15 kampe was en dat daar verskye water punte voorkom, somige water punte voed meer as een kamp. Huidiglik is die meeste van die interne heining al gebreek of verwyder. Die veeboere maak gebruik van water wat gepomp is vanaf 'n dam naby die opstal en die hand pomp by Kleinhoog om vee te voorsien met water in die laaste paar jaar. Dit is nodig om 'n infrastruktuur register op te stel wat op datum is. Enige verbeterings wat aangebring word op die plaas moet in daaropvolgende konsepte van die register gevoeg word.

11. Biodiversiteits Belang

Biodiversiteitstreke en plantegroei-tipes

11.1 **Twee biodiversiteitstreke** kom op Roodebergskloof voor – die Sukkulente Karoo en die Fynbos. Die Fynbos plantegroei van die Kamiesberg het baie endemiese plante (word nie gevind in ander plantegroei tipes nie) as gevolg van sy droogheid en afsondering van die hoof deel van die Fynbos Bioom. Dit verskil ook van tipiese Fynbos omdat dit gevind word in graniet en nie op die tipiese Tafelberg Sandsteen nie. Die plantegroei in die Sukkulente Karoo gedeelte op die plaas is weerspieëlend van die meer mesiese bosagtige komponente wat gevind word op die hellings van die Kamiesberg. Roodebergskloof is 'n

uitsonderlike wêreldwye skat met ‘n wye verskeidenheid van endemiese biodiversiteit. Ongeveer nege plantsoorte en 22 inseksoorte wat op Rooiberg voorkom, kom nêrens anders in die wêreld voor nie.

11.2 **Plantegroei-tipes**: Ses plantegroei-tipes kom op Roodebergskloof voor. Hulle is: Kamiesberg Graniet Fynbos, Kamiesberg Bossiesveld, Namakwaland Graniet Renosterveld, Namakwaland Klipkoppe Struike, Namakwaland Blomveld en Namakwaland Heuweltjieveld (Helme & Desmet 2006).

11.3 **Kamiesberg Graniet Fynbos:** Die hoër dele van die plaas, (veral die noord-ooste hoek van Roodebergkloof) is gedomineer deur Graniet Fynbos plantegroei. Die plantegroei bevat verskeie endemiese plante, insluitend die Namakwaland skaamroos. Ander spesiale spesies wat in hierdie plantegroei voorkom sluit in: *Peucedanum pearsonii, Oedera conferta, Amphithalea obtusiloba, Aspalathus angustifolia* subsp. *robusta, Gladiolus kamiesbergensis, Watsonia rourkei, Xenoscapa uliginosa, Conophytum khamiesbergense, Disa macrostachya, Vexatorella alpine, Muraltia rigida, Ischyrolepis vilis, Phylica retrorsa, Agathosma namaquensis, Hebenstretia kamiesbergensis* en vier moontlike nuwe spesies: *Geissorhiza* sp. nov., *Cyphia* sp. nov., *Antimima* sp. nov., *Ruschia* sp. nov. Ongeveer 80 % van die endemiese Fynbos plante kom voor binne die Rooiberg-Welkom-Stalberg-Blouberg area (Helme en Desmet, 2006) en dus mees waarskynlik ook op Roodebergskloof.

11.4 **Kamiesberg Bossiesveld:** Die areas van die plaas met hellings tussen 900 en 1 300 meter bo seevlak dien waarskynlik as Kamiesberg Bossiesveld. Die plantegroei is gewoonlik hoër en word gevind op klammer, rotsagtige habitat met vlak bodems. Die steil, rotsagtige hellings, tot ’n mate, beskerm die plantegroei teen weiding.

11.5 **Namakwaland Klipkoppe Struike:** Die Kamiesberg Bossiesveld smelt saam met die Namakwaland Klipkoppe Struike in die gelyke, meer suiderlike dele van die plaas. Die plantegroei is die mees omvattend op die plaas en is ook redelik verspreid in Namakwaland. Deskundiges glo daar is nie minder as 25 spesies wat endemies is tot hierdie plantegroei en verdere ondersoeke op Roodebergskloof sal bepaal watter van hierdie spesiale spesies op die plaas voorkom.

11.6 **Namakwaland Blomveld:** Klein gedeeltes van Namakwaland Blomveld kom voor tussen die Namakwaland Klipkoppe in vlakker areas met minder klippe, wat gereeld plate van blomme vertoon in lente. Hierdie gebiede was tradisioneel geploeg en gereeld ekstensief bewei in die winter as gevolg van die maklike toeganklikheid vir diere (meer gelyk en minder rotsagtig).

11.7 **Namakwaland Heuweltjieveld:** ’n Baie klein persentasie van die totale Namakwaland Heuweltjieveld word gevind op Roodebergskloof. Dit is die area rondom en naby die plaashuis en is ekstensief oorbeweid. ‘n deel van die heuweltjieveld in die vorige ramkamp het goeie plantegroei, terwyl areas langs die rivier meer bewyse van weiding aan dui. Daar is ook heuweltjieveld in die ramkamp in ‘n swak toestand deur mate van ploegery met erosie as die eind resultaat.

11.8 Rooiberg Piek is ’n kern van endemie: Nie minder as nege plant spesies is endemies tot Rooiberg (Helme en Desmet, 2006) Meer ongelooflik is dat 22 insek spesies mag ook endemies tot Rooiberg wees (40% van alle

insekte is endemies tot Kamiesberg). Nie minder as 19 spesies is monkey beetles ('n groep kewers) wat endemies is tot Rooiberg. 'n Nuwe spesies van monkey beetle, (*Pachycnema* sp. nov.) wat lyk asof dit 'n hoog-liggende Fynbos spesialis en waarskynlik beperk tot Rooiberg is, was geontdek. Ander spesies soos die Gondwana stone-fly (*Aphanicerca* sp. nov.) en 'n fruit chafer (ook 'n kewer spesie), bekend van Rooiberg, mag op die plaas voorkom.

Agtergrond tot biodiversiteit op die eksklusiewe bewaringsarea

11.9 Meeste van die skaars of bedreigde endemiese plant spesies in die Kamiesberg Hooglande word gevind op pieke hoër as 1 300 m, en in die Renosterveld en geassosieerde vleilande op die plato by 900-1200 m, en hierdie area is dus die fokus van bewarings pogings in die gebied. Nie net steun hierdie area die spesiale plant spesies, maar dit is tuis aan 'n wye diversiteit van ander plant en dier groepe, insluitend skaars en endemiese reptiele en ongewerwelde diere (Colville, 2006). Die vleilande van die hoër pieke is kritiese water bronne en sponse vir die laaglande, en is in die algemeen in veel beter toestand as die vleilande op die vlaktes.

11.10 Fynbos endemiese plante is meer algemeen op die pieke van meer as 1 300 m, en die hoogste grond rondom Rooiberg piek (1 706 m) is besonders belangrik. Die Rooiberg area ondersteun nie minder as nege Kamiesberg endemiese spesies wat nêrens anders opgeneem was, plus verdere spesies wat geontdek was gedurende die verloop van veldwerk vir die studie en mag bewys om 'n onbeskryfde spesies (*Geissorhiza* sp. aff. *aspera*) te wees. Die nege spesies sluit in *Cheiridopsis* sp.nov., *Disa macrostachya* ('n orgidee), *Centella tridentate, Dregeana* spp., *Cyphia* sp.nov., *Felicia diffusa* subsp. *khamiesbergensis, Amphithalea obtusiloba*, *Moraea kamisensis, Romulea neglecta*, en *Watsonia rourkei*. Die area ondersteun ook 'n verdere ses spesies wat bekend is net van hier en in een ander lokasie (aangewys in hakkies), insluitend *Oedera conferta* (Sneeukop), *Moraea longiflora* (Leliefontein area), *Moraea kamiesmontana* (Sors Sors area oost van Sneeukop), *Romulea rupestris* (Richtersveld), *Protea namaquana* (Eselkop), en *Phylica retrorsa* (Eselkop). Die grootte Rooiberg area (insluitend Stalberg) is dus duidelik 'n ongelooflike belangrike fokus vir skaars endemiese spesies in die Kamiesberg Hooglande, wat nie verrassend is nie omdat dit een van die twee grootste areas wat bo 1400 m is.

Spesiale bewaringsareas insluitend vleilande

11.11 Die ekstensiewe vleilande van die Rooiberg is moontlik die prioriteit Fynbos vleiland stelsel in die hooglande. Die vleilande van die hoër pieke is kritiese water bronne vir die laaglande, en is in die algemeen in veel beter toestand as die vleilande op die vlaktes. Baie van die Kamiesberg endemiese biota word gevind in die vleilande.

11.12 Een van die mees belangrikste kenmerke van 'n ongeskonde vleiland stelsel is die vermoë om reënval te absorbeer, te stoor, en stadig vry te laat (die so-genaamde "spons effek"). Dit is 'n kosbare kenmerk in 'n half-droë area, want dit laat seisoenlike strome toe om water vir langer periodes te behou, en laat aquifers wat boorgate voed toe om te herlaai. Somige van die vleilande in die Kamiesberg is bewerk, en/of swaar bewei en betrap, en/of te gereeld gebrand, en is gevolglik nie in 'n goeie toestand nie, terwyl ander amper in 'n oorspronklike toestand is. Vleilande naby plaashuise, geploegde lande, en veeposte is geneig om in 'n swak

toestand te wees, terwyl die in afgeleë gebiede in ’n beter toestand is. Die belangrikheid van die vleilande in die Kamiesberg Hooglande, insluitend vleilande op Roodebergskloof, benodig beklemtoning in terme van hul rol in die voorsiening van water aan ’n groot gedeelte van die gemeenskap woonagtig in die omliggende lae gebiede. In ’n omgewing waar reënval al hoe meer onbetroubaar raak, sal funksionerende vleilande help om vir meer gereelde water voorsiening te verseker.

11.13 Vleilande in die Kamiesberg streek dien as ’n teken vir die teenwoordigheid van riete bv. *Pseudoschoenus inanis* (matjiesriet wat uniek is tot die Karoo), *Cyperus*, *Ficinia*, restios bv. *Ishyrolepis*, Juncaceae spesies en gras soos *Pennisetum macrourum*, as ook baie bolplant spesies wat nêrens ander voorkom nie. Wanneer die vleiland oorbewei is of anders gesteur is, is die tipiese spesies verlore en plante meer tipies van die omliggende veld vat oor, of kaal verweerde areas ontwikkel.

11.14 Vleilande, syferareas, bergstrome, en klein verbygaande strome (lopend oor groot graniet koepels) is van besondere belang vir verskye insekgroepe se lewens siklus. Onder die insekgroepe, is ses groepe baie afhanklik op vleilande, syferareas en strome. Larvae van Philoliche (Tabanidae) ontwikkel in groen areas teen die kante van poele en vleilande. Volwasse vlieë drink ook water van strome en vleilande. Water liggame soos vleilande, bergstrome, ens is dus ’n noodsaaklike habitat vir Tabanid Lang-tong vlieë.

11.15 Die spesiale bewaringsareas, soos aangedui op die soneringskaart speel ’n sleutel rol in langtermyn watervoorsiening vir die area en is deel van die die hoofwaters van die Groenrivier. Hulle kan in kortstondig strome, heuwelhange syfer vleilande en vallei bodems geklasifiseerd word. Hulle is belangrik ekologiese gange en gradiënte. Hulle is ook die water bron vir vee op Roodebergskloof.

11.15.1 Kortstondige strome kan verdeel word in bergstrome en laer voorheuwelstrome. Bergstrome ontvang water van reën en van die syfering van vleilande deur heuwelhange. Hierdie strome is seisoeneel, en is kenmerkend van baie steil hellings, somige tye vloeiend oor vaste gesteente. Hulle is belangrik habitat vir spesies en is kwesbaar aan verstering. Alhoewel die huidige kennis so beperk is, kom dit voor as of daar huidiglik ’n lae impak op hierdie strome is. Laer voorheuwelstrome ontvang water van reën en syferende vleilande en gebeur op areas van ’n laer helling. By die plaashuis is die laer voorheuwelstrome al gedam. Daar is huidiglik medium tot hoë impakte op laer vallei strome.

11.15.2 Heuwelhange syfer vleilande is gevind, net soos hulle naam voorstel, op hellings op heuwel kante en is kenmerkend deur die colluvial (vervoer deur swaartekrag) beweging van materiale. Hierdie syfer vleilande verrig ’n water voorsienings rol, en is belangrike habitat in die oorlewing van baie klein diere, voëls, en insekte in die Kamiesberg. Van ’n desktop studie van photos en huidige verslae, kom dit voor dat daar min impak op heuwelhange en syferings binne Roodebergskloof is (Colville et al. 2006).

11.15.3 Syferende vleilande ontvang normaalweg die meerderheid van die water opneming van sub-oppervlak vloei of grondwater afvoer. Die water syfer deur die sand en klippe totdat dit tot by

die bodem geforseer word deur ’n drastiese verandering in die geologie of sediment lae wat die water verhoed om aanhoudend na onder te beweeg. Op die Roodebergskloof eiendom, is dit meer die geval op mid en laer hellings, waar grondwater die bodem bereik teen die gesig van die heuwelkant as ’n syferingsarea. Nietemin, vir daardie vleilande by die hoogste areas van die opvangsgebied, oorlandse afloop van die hoogste pieke en direkte reënval is geneig om die meerderheid water aan hierdie vleilande te voorsien. As ’n vlak bars word water beskikbaar gestel om te syfer, die vleiland sand mag droog word gedurende dele van die groei seisoen as gevolg van evapotranspirasie in die syfering area. In die heuwelhange syfer vleilande, vloei water gewoonlik vanaf die laagste punt op de helling en word afgeskei in strome. Nietemin, heuwelhange, syfer vleilande help dit nogsteeds om die spoed van bodem afloop te verminder deur dik plantegroei wat alreeds in hierdie areas voortgekom het.

11.15.4 Vallei bodem vleilande kom voor waar die gradient verander om ’n meer egallige helling en die vleilande en kan ook aangetref word op weerskante van n lae voorheuwel stroom kanaal waar sand of gruis dominerend is. Water toevoering na die vallei bodem kom van strome en aanliggende hellings van die opvangsgebied, rondom die vleiland gedurende die reën maande. Hulle speel ’n waardevolle waterbergings rol, die laag gradient vallei bodem vleilande in nabygeleë renosterveld, dwarsdeur die hoogland plato’s. Die lae bodem vleilande is huidiglik onder medium tot hoëdruk as gevolg van akkerbou, weiding en vertrapping. Die vallei bodem vleiland onder die dam is die mees geimpakte vleiland op die eiendom.

12. Klimaat van Roodebergskloof

12.1 As deel van die Groenrivier-wateropvangsgebied is Roodebergskloof krities vir watervoorsiening aan die Kamiesberg Munisipalitiet en meer spesifiek die Garies gemeenskap.

12.2 Roodebergskloof ontvang winter reënval, wat gewoonlik tussen Mei en Augustus val. Geen inligting oor Roodebergskloof se klimaat is beskikbaar nie maar reënval en temperatuur data vir nabye Garies kan gebruik word om die klimaat te beskryf. As gevolg van die steil topografie kan ons verwag dat reënval hoër in die hoogliggende dele van die plaas sal wees. Die jaarlikse reënval is gewoonlik laag maar die hoeveelheid reënval verskil baie tussen jare (Figuur 3) en dit sal die hoeveelheid weiding bepaal wat beskikbaar sal wees. Wat dit beteken vir veeboere is dat hulle hul bestuurstrategieë moet aanpas en afhang tot die reënval. Akkerbou sal meer afhanklik wees van besproeiing as reënval om hulle gewasse nat te maak.



Figuur 3: Totaal jaarlikse reënval vir Garies tussen 1995 en 2003

12.3 Die gemiddelde minimum en maksimum temperature in die Garies area is matig (Tabel 1). Minimum temperature bereik selde 0 °C. Maksimum temperatuur tot 43.1 °C was al aangeteken. Die algemene gemiddelde matige temperatuur verseker dat vee selde aan baie koue and warm toestande blootgestel word. Hierdie temperature beteken ook dat groente regdeur die jaar geplant kan word.

Tabel 1: Temperature in Garies 1999-2006 in sentigrade

Seisoen	Gemiddelde	Strek (min-maks)
Somer dae	20.1	13.3 - 43.1
Somer aande	12.8	0.0 - 20.4
Winter dae	17.8	10.8 - 36.2
Winter aande	9.8	2.2 - 22.2

13. Agtergrond van Toerisme

13.1 Die hoof toerisme aantrekking in Namakwaland is die blomme. Die meeste besoeke vind plaas tussen September en November wat beteken dat seisoen ’n sleutel beperking is. Baie aandag word gegee aan hierdie kwessie deur ’n wye reeks toerisme produkte beskikbaar te stel. Die Kamiesberg se mededingende voordeel lê in sy natuurskoon landskap en sy buitengewone biodiversiteit. Alhoewel geen bemarkings navorsing al gedoen was vir Namakwaland, is die toerisme strategie om te bou op sy natuurlike biodiversiteitswaarde deur toerisme produkte te ontwikkel wat die groeiende eko-toerisme en avontuur toerisme aan te lok van albei die plaaslike (i.e. Kaapstad) en buitelandse mark (i.e. Namibië as ’n sleutel teiken).

13.2 Die Kamiesberg Munisipaliteit strek oor drie topografiese sone vanaf die sanderige kustelike laaglande tot die bergagtige sentrale Kamiesberg platorand en tot die oostelike plato van Boesmanland. Die gebied het toerisme potensiaal as gevolg van sy natuurlike en kultureële ryke potensiaal, sy geografiese lokasie en die feit dat dit met die Wes-Kaap en Namibië verbind via die N7. Dit lê in die middel van die Sukkulente Karoo

Bioom, een van 34 biodiversiteit biome van wêreldwye belang. Die uitdaging is om ekonomiese lewensvatbare toerisme produkte te ontwerp wat gebasseer moet word op sy unieke biodiversiteit om sodoende die groeiende eko-toerisme mark effektief te teiken.

13.3 Die IDP van die Kamiesberg Munisipaliteit maak voorsiening vir die ontwikkeling van toerisme verblyf te Roodebergskloof tot die voordeel van die breë Kamiesberg gemeenskap. Ishabi is gekontrakteur deur DEAT om vakansie eenhede en verblyf vir verbruikers van Roodebergskloof te ontwikkel rondom die opstal. Sekere toerisme fasiliteite is al reeds op die plaas ontwikkel.



14. Veeboerdery

Opsoming van huidige veeboerdery

14.1 Daar is tans 11 veeboere (vee-eienaars) en vier veewagters, waarvan een ook ‘n vee-eienaar is. Die veeboere het ongeveer 313 kleinvee-eenhede (KVE) bestaande uit 47 skape en 271 bokke (ouer as ses maande) en 2

koeie (12 KVE). Twaalf varke, pluimvee en vyf honde bly ook op Roodebergskloof. Die betrokke veeboere hou tussen nege en 72 vee per persoon op die grond aan. Die veeboere het nie donkies op Roodebergskloof nie, maar daar is tekens van loslopende donkies op die plaas. Volgens die Departement van Landbou is die drakrag van die plaas 320 KVE (ouer as 6 maande) wanneer die eksklusiewe weidingsarea in aggeneem word.

14.2 Die vee-eienaars bestaan uit een boere-unie - die Garies Opkomende Boere. Geen vee-eienaars woon op die plaas nie. Twee van die vee-eienaars is vroue, en die res mans. Die vee-eienaars gebruik vier manlike veewagters wat die vee in vier troppe oppas. Die veewagters woon op die plaas en word afgelos deur ‘n instaanwagter as hulle die plaas moet verlaat. Drie veewagters is relatief onervare omdat hulle net ongeveer vyf jaar ondervinding het; en een het meer as tien jaar ondervinding.

14.3 Die gebied wat tans deur die vee bewei word, is beperk tot die gebied rondom die plaashuis en die noordwestelike dele van die plaas. Gedurende die nat seisoen word ongeveer 22 % van die totale plaas bewei deur die veetroppe (Samuels en Allsopp, 2006). Gedurende die droë seisoen word rondom 41 % van die totale plaas bewei. Gedurende die droë seisoen is die engiste waterbron die dam en boorgat rondom die plaasopstal. Die eksklusiewe bewaringsgebied soos aangetoon op die soneringskaart word nie deur die vee bewei nie. Daar is geen saailande op Roodebergskloof wat tans gebruik word nie.

Opsoming van huidige bestuur van veeboedery op die meent

14.4 Bestuur van alle vee op die meent wat onder die toesig van die Kamiesberg Munisipaliteit val, is veronderstel om deur ‘n meentkomitee bestuur te word. ‘n Meentkomitee vir die Leliefontein-gebied en Roodebergskloof was in 2001 verkies, maar funksioneer nie op die oomblik nie. In die laat 1990s en vroeë 2000s was ’n verlengde proses geonderneem om die instrumente wat nodig is vir beter bestuur van kommunale gronde regoor Namakwaland ge ontwikkel. Die proses was geondersteun deur SPP en LRC en ’n reeks van dokumente was opgestel insluitend Meentkomitee grondwette en diens vlak ooreenstemmings met die Munisipaliteit, weiding en saai regulasies, en gebruikers kontrakte. Vir verskeie redes was momentum verloor en net sekere van die dokumente was in die wet opgeneem terwyl anders net in konsep form gebly het. ‘n sleutel rede was die gebrek aan hulpbronne om implementering te fasiliteer.

14.5 Die doel van die inisiatief was om Meentbestuur te hervorm van ’n stelsel gebaseerd op ’n bo na onder vergeleë beheer en eensydige reël making en toepassing na ’n stelsel gebaseerd op deelnemende reël making. Die bestuursplan moet aan die vereistes van ’n Integreerde Ontwikkeling Plan voldoen en sal deel vorm van dit. (LRC, 2002).

14.6 Weidings regulasies is deur die Kamiesberg Munisipaliteit in April 2002[5] gepromulgeer en is van toepassing op Roodebergskloof. Hierdie vorm ’n belangrike wettige raamwerk met wie die Bestuursplan moet toegee, en baie van die klousules in die afdeling van die Bestuursplan wat handel oor veeboerdery betrek direk tot die Weiregulasies. Nietemin, die regulasies

[5] Noord-Kaap Provinsiale Koerant, 1 April 2002, No. 676. Kennisgewing 18 van 2002 – Bylae Kamiesberg Munisipaliteit Weidingsregulasies

was sonder die bepaling van die getal vee wat elke gebruiker kan hou of ’n weiding loon in die bylae gepromulgeer. Vir die rede alleen, benodig die regulasies kontrakte vir die afsluiting vir hulle toepassing. Huidiglik word die regulasies nie toegepas nie.

14.7 Saaiperseel regulasies was in Junie 2003[6] gepromulgeer. Hierdie is nie toepaslik tot Roodebergskloof nie, want daar is geen saailande op Roodebergskloof.

14.8 Daar is huidiglik ’n initiatief, gelei deur SPP om die gemeenskap en die Kamiesberg Munisipaliteit te ondersteun om die Meentkomitee weerte stig en om die nodige meganismes in plek te plaas. SPP het op die 13de Maart 2007 ’n werkswinkel gefasiliteer op die herstabilisering van die Meentkomitee wat deur vorige Meentkomitee verteenwoordigers bygewoon was van 12 dorpies binne die Kamiesberg Munisipaliteit wie toegang het tot meent/gemeenskaps grond. Daar was ’n algemene ooreenstemming dat die grond nie behoorlik bestuur word nie en dat die Meentkomitee en bestuur van die grond moet bygebring word. Die hoof uitdaging is die een van implementering. Die sleutel voorstelle is om beperkings te adresseer en ’n Meentoffisier moet deur die Kamiesberg Munisipaliteit aangestel word en hulpbronne benodig aanwys vir die Meentkomitee om te funksioneer (soos fondse vir vervoer na vergaderings). Die Kamiesberg Munisipaliteit het aangedui uit gewilligheid om dit te doen, maar is beperk deur die tekorte aan fondse. CI het hulle gewilligheid aangedui om ’n Meentoffisier gedeeltelik te befonds.

15. Leesstukke

Colville, J. 2006. A Profile on the insects of the Kamiesberg Uplands, Namaqualand, South Africa. Report to Critical Ecosystems Partnership Fund.

Helme & Desmet, 2006. A description of the endemic flora and vegetation of the Kamiesberg Uplands, Namaqualand. South Africa. Report to Critical Ecosystems Partnership Fund.

Mucina, L. & Rutherford, M.C. (eds) 2006. The Vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland. Strelitzia 19. South African National Biodiversity Institute, Pretoria.

Schmiedel, U., & Jürgens, N. (1999). Community structure on op unusual habitat island: quartz-fields in the Succulent Karoo, Suid Afrika. *Plant Ecology, 142,* 57-69.

Schmiedel, U. (2002). *The quartz fields of southern Africa. Flora,* phytogeography, vegetation and habitat ecology, PhD Thesis, University of Cologne.

Schmiedel, U & Jürgens, N. (2004): Habitat ecology of southern African quartz fields: study on the thermal properties near the ground. Plant Ecology 170: 153-166.

Samuels MI, & Allsopp N (2006) ‘n Studie oor vee bestuurspraktyke op die Roodebergskloof kommunale plaas in Namakwaland, Suid-Afrika. Ongepubliseerde verslag, Landbou Navorsings Raad.

Todd, S., Hoffman, M.T., & Duncan J. 2005. Riemvasmaak: Ten years since restitution. In: Proceedings of the Namaqualand Colloqium, Towards sustainable land use in Namaqualnd. 24-26 May 2005, Springbok, South Africa .

[6] Noord-Kaap Provinsiale Koerant, 16 Junie 2003., No. 776. Kennisgewing 34 van 2003 - Regulasies kragtens die Wet op Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, en die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1997 (Wet 9 van 1987) vir die bestuur, beheer en beskerming van doelandpersele in landelike gebiede

Volume 2

Volhoubare Bestuur van Roodebergskloof: Bestuursmaatreëls

16. Inleiding

16.1 Vier grondgebruike vind plaas op Roodebergskloof: veeboerdery, akkerbou, toerisme en natuurbewaring. In hierdie deel is die volhoubare bestuur van hierdie aktiwiteite beskryf. Riglyne is gegee om te verseker dat die doelwitte bereik word om die natuurlike hulpbronne op ‘n volhoubare manier bestuur word. Riglyne is ook gegee om te verseker dat diegene wat voordeel trek van die plaas die armes en minder bevoorregtes is van die Garies gemeenskap. Aksies wat nog moet plaasvind om die doelwitte te bereik is voorgeskryf. Hierdie aksies is opgesom in die Operationele Plan: Volume 3. Waar verdere aksies benodig word, word interim maatstawwe ingesluit waar nodig om te verseker bestuur geskied op die beste moontlike manier gegewens huidige kennis op die onderwerp.

Program 1: Bestuur van volhoubare veeboerdery en toegang tot veeboerdery

17. Inleiding

Hierdie deel beskryf die bestuur van die weistelsel om te verseker dat dit in ekologies en ekonomies volhoubaar is. Riglyne oor die volgende is beskryf:

Area wat bewei moet word
Weidingsbestuursstelsel
Voorwaardes vir oprigting en gebruik van veeposte te Roodebergskloof
Weidingsooreenkomste en weidingsregister
Veegetalle
Veetipes
Infrastruktuur Ontwikkeling en Bestuur
Instandhoudingsfooi per KVE
Bestuur en gebruik van die Instandhoudingsfooie
Instandhouding van infrastruktuur
Die hantering van aansoeke vir toegang om op Roodebergskloof te wei
Kriteria van toelating as veeboer tot Roodebergskloof
Nuwe grond

18. Area wat bewei moet word

18.1 Weiding sal plaas vind in die gebied wat op die kaart aangetoon word. Geen weiding sal in die beperkte bewaringsarea plaas vind nie. Areas van spesiale bewaringsbelange soos die vleilande, rondom die opstal waar akkerbou en toerisme plaas vind moet nie swaar bewei word nie en moet gemoniteer word.

18.2 Die gebied rondom die opstal was in die verlede swaar bewei en was ook geploeg. Dit is gepas dat die gebied gerus moet word vir ’n paar jaar om te verseker dat dit ’n kans kry om te herstel na sy vorige weidingskapasiteit.

18.3 In vleilande moet sorg gegee word om nie die plantegroei komposisie te verander en om nie plantbedekking te verminder deur beweiding nie omdat dit ’n negatiewe effek het op die gebiede om water te absorbeer en te stoor.

18.4 Bees moet op die algemene weidingsarea wei, en moet nie net in die vleilande wei.

19. Weidingsbestuurstelsel

19.1 Die weidingsbestuurstelsel beoog die versekerheid dat gedeeltes van Roodebergskloof word gerus op ’n seisoenele basis, en dat die eksklusiewe bewaringsarea nie bewei word nie. Weiding sal volgens ’n wisselweiding stelsel bestuur word. Dit is om die lang termym volhoubaarheid van die weidingshulpbron te verseker so dat dit betroubare weiding vir vee verseker in meeste jare, buiten gedurende die mees uiterste droogtes. Goeie weiding laat boere toe om hulle vee gesond te hou en daarmee verseker hoë lamsyfers. Vee eienaars sal toegelaat word om veeposte opterig op die plaas om hulle diere se gesondheid en die kwaliteit van die weidingsbron te verseker.

19.1.1 Drie hoof kampe sal opgerig word (sien figuur hieronder). Vee-eienaars sal hulle vee na die suidelike kamp in winter beweeg en tot die noordelike kamp in somer. Presiese datums van die beweging van vee sal bepaal word deur die IK tesame met die Departement van Landbou.



Figuur 2: Roodebergskloof sonerings kaart met die posisies van voorgestelde grensdrade vir 'n drie-kamp stelsel. Die waterpunte wat aangedui word is bestaande watre punt infrastrukttur maar dit word huidiglik deur die veeboer gebruik nie.

19.1.2 Die middel kamp sal gerus word vir nou ('n minimum rus periode van vyf jaar word aanbeveel) omdat dit swaarder geimpak was deur weiding en ploeëry, veral rondom die opstal. Die kamp kan gebruik word vir spesiale doeleindes naamlik:

(a) weiding nie meer as ses bokke met melk vir gebruik by die opstal deur die akkerbou werkers;

(b) weiding deur diere in transito na ander kampe, na die ander plaas of om te verkoop (i.e. vir periodes nie langer as vier dae per trop per jaar); en

(c) wanneer spesiale benodighede opstaan om sekere diere te isoleer van die trop (bv. siektes) soos vasgestel deur die IK en Departement van Landbou.

19.1.3 Wanneer die middel kamp herstel het kan dit in die wisselweidingstelsel van die plaas ingesluit word word om te verseker dat die ander twee kampe op sekere tye gerus kan word

vir langer periodes.

19.1.4 Ramme sal beperk word tot die ramkamp uitsluitend wanneer benodig is om saam met trop te loop vir teeling doeleindes. Die Departement van Landbou sal spesifiseer hoeveel ramme in die ramkamp gehou moet word wanneer die drade reggemaak is en wanneer die groote bepaal is. Dit is verkieslik om drie ramme per honderd ooie te hê om hoë reproduksie syfers te verseker.

19.1.5 Verkieslik moet die groep van Rooderbergskloof veeboere tot die maksimum van ses troppe en ses veeposte blyhou op enige tyd op die plaas. Inwoner veewagters sal die vee van hierdie veeposte oppas.

19.1.6 Veewagters sal verseker dat die vee regoor die kampe wei en dat weiding nie gekonsentreer is in een deel van die kamp nie. Wanneer ’n wagter ’n trop verlaat vir meer as twee dae, sal die eienaar(s) verseker dat die trop besoek word op ’n gereelde basis. In die afwesigheid van enige veewagters, sal die vee-eienaars verseker dat een persoon aangestel of afgevaardig is om die vee aandag te gee vir ten minste elke tweede dag.

19.1.7 In die langtermyn sal die wisselweidingstelsel insluit die beweging van vee na alternatiewe weiding in die kusgebied (winter weiding) of Boesmanland (somer weiding) sodat Roodebergskloof gerus kan word vir ’n periode elke jaar. Dit is ’n manier om tradisionele weidingspatrone van die inheemse mense van Namakwaland te herbevestig. Party kommersieële boere beweeg nog steeds hulle vee tussen verskeie gebiede in Namakwaland. Die kus opsie sal toelaat dat Roodebergskloof gerus word gedurende die hoof blomme, saad produksie en saailing ontwikkelings periode. Die Boesmanland plaas opsie sal toelaat dat Roodebergskloof gerus word gedurende die droë seisoene wanneer weiding skaars is. Die beweging sal net moontlik wees wanneer adisionele grond aangebring word vir die boere. Omdat dit verwagtend is dat dit ’n paar jaar sal neem om dit te bereik, sal die beweging soos beskryf in hierdie afdeling (10) plaasvind vir nou.

19.1.8 Om ’n drie-kamp stelsel te implementeer, word infrastruktuur benodig om te verseker die demarkering van die drie kampe en die voorsiening van water in hierdie kampe (voorgestelde water punte word in Fig 2 aangedui). Tot nou het die Departement van Landbou in Springbok ’n aansoek gedoen vir befondsing by die Comprehensive Agricultural Support Programme (CASP). Die befondsing is goedgekeur deur die Provinsiale Regering, en wanneer goedkeuring deur de Nasionale Departement van Landbou verkry word sal die fondse beskikbaar wees vanaf April 2008.

19.1.9 Die IK sal met die Departement van Landbou saamwerk om finale besluite te maak oor die plasing van die infrastruktuur om die nuwe weidingsstelsel in die bestuursplan te implementeer.

19.2 Riglyne vir die bestuur van honde en skadedoende diere is in klousule 43 en 44 beskryf.

20. Voorwaardes vir oprigting en gebruik van veeposte te Roodebergskloof

20.1 Veeposte laat vee-eienaars toe om te verseker dat hulle diere ten alle tyd onder die aandag is van ’n wagter. Die doel van die ontwikkeling van riglyne vir veeposte verseker dat

20.1.1 die weiding is optimaties bestuur vir bewaring van die hulpbron,

20.1.2 plaaslike hulpbronne word nie oorgebruik in die konstruksie van veeposte nie

20.1.3 veewagters is geskiktelik behuis

20.1.4 die aard van die veeposte en die nabye omliggende area is bestaanbaar met toerisme,

20.1.5 Veeposte volgens riglyne gebou word. As die veepos in ’n netjiese manier behou word is dit ’n aset vir toerisme ondervinding

20.2 Veeposte sal toegelaat word in die weidingskampe om te verseker dat veewagters op ’n daaglikse basis na hulle vee kyk, om te verseker dat weiding roetes nie in areas van die kamp gekonsentreer is nie, en om te verseker dat vee nie gekonsentreer is in vleilande, rivier bedde of naby die water punte nie.

20.3 Nie meer as ses veeposte sal toegelaat word in elke kamp. Veeposte moet terug kom na die selde posisie in elke kamp gedurende die seisoenlike trek.

20.4 Om te verseker die gelykheid van hulpbron gebruik, moet veeposte nie nader as 1 km van ’n permanente water punt wees nie, hulle sal 1 km of verder van mekaar af wees, en hulle moet nie binne 1 km van ’n vleiland of seisoenale stroom wees nie

20.5 Die vee-eienaars in ’n trop sal verseker dat veepos strukture verwyder word wanneer die vee tydelik of permanent beweeg word binne of van die plaas. Strukture soos kookskerme wat net van plaaslike bosse gemaak is en brood oonde sal net geverwyder word tensy die veepos nie meer in die toekoms gebruik sal word nie.

20.6 Wanneer plaaslike bossies gebruik word om ’n kookskerm te bou, moet sorg gegee word om nie areas van bossies kaal te maak nie. Voorkeur moet gegee word om nie-vreetbare bossies soos kraalbos en bitter melkbos te gebruik.

20.7 Rommel sal in ’n ekologiese sensitiewe manier bestuur word. Vlambare materiale mag in ’n beperkte pit gebrand word. Blikkies, bottels, toksiese materiale (olie, ou medisynes), ou gebou materiale, ou buitebande en pype ens. sal deur die vee-eienaars verwyder word na die munisipale stortingsterrein in Garies.

20.8 Nie meer as drie honde en een kat kan by ’n veepos aangehou word nie. Voorsiening moet gemaak word vir die voeding van honde en katte, en moet nie vir hulle voeding op jag staat maak nie. Honde moet aangehou word vir kameraadskap, wagtertake en om roofdiere te waarsku en weg te jaag. Honde moet nie gebruik word vir die jag van enige diere of doodmaak van roofdiere.

20.9 Die volgende riglyne word gebruik in die konstruksie van ’n veepos.

20.9.1 ’n Area nie groter as 40 m by 40 m sal skoon gemaak word vir ’n veepos

20.9.2 Die veepos mag bestaan uit ’n slaapplek (khaya), kookskerm, broodoond, hoenderhok en krale vir bokke, skape en lammers.

20.9.3 Net een rommel pit en ashoop sal gemaak word.

20.9.4 Die slaap plek sal uit materiale gemaak word wat vervoerbaar is wanneer die trop die kamp verlaat.

20.9.5 Vee-eienaars is verantwoordelik om te verseker dat hulle veewagters voldoenbaar gehuisves is.

21. Weidingsooreenkomste en weidingsregister

21.1 Die doel van die weidingsooreenkomste en weidingsregister is om te verseker dat net mense wat kwalifiseer vir weidingsregte op Roodebergskloof gebruik kan maak van die hulpbronne. Hierdie dokumente lê uit die basiese verantwoordelikhede van die grondgebruikers en verseker dat mense hulle fooie betaal wat sal toelaat dat die plaas op ’n ekonomiese volhoubare manier bestuur word. Alle veeboere moet elke jaar as ‘n veeboer by die Munisipaliteit kom registreer. Alle veeboere sal ‘n weidingsooreekoms met die Munisipaliteit sluit, ‘n voordbeeld is aangeheg as Bylae A. Vee-eienaars sal lede van die Garies Opkomende Boere Vereninging wees of enige ander groepe wat die meerderheid van die vee-eienaars besluit om te wees.

21.2 Die Kamiesberg Munisipaliteit en IK is verantwoordelik om ‘n weidingsregister op te stel en in stand te hou waarin ‘n opgawe gegee word van die inligting soos in die weidingsooreenkomste vervat ten tyde van die sluiting daarvan en die verdere inligting waar gegee word aangaande: die verandering in veegetalle, verhoging van instandhoudingsfooie, verlenging van weiperiodes, verandering van weigebiede van kampe.

21.3 Elke geregistreerde vee-eienaar is verantwoordelik om ‘n register van veegetalle te hou (sien aanhangsel 2). Die register sal die tipe dier insluit (bokke of skape, en of die dier ’n ooi, bok, kapater/hamel of lam is). Die Wei-ooreenkoms beskryf die berekening van instandhoudingsfooie wat deur die vee-eienaars betaal moet word. Eienaars sal nie vir diere jonger as ses maande betaal nie. Die munisipaliteit en IK is verantwoordelik om fooie te vra volgens die register en om na die waarheid van die registers te kyk.

21.4 Elke vee-eienaar moet, in terme van artikel 5 van die Wet op Veebrandmerke, Wet 87 van 1962 en die amendment van die Diere Identifikasie Regulasies soos gepubliseerd in die Staats Koerant No. 29174 - R877 van 8 September 2006, sy vee ouer as ses maande merk. Die merk moet met die munisipaliteit registreer word. Enige vee wat nie gemerk en geregistreer is, sal deur die munisipaliteit van Roodebergskloof verwyder word.

22. Veegetalle

22.1 Die doel van die beperking van vee getalle op weiding grond is om die lang termyn volhoubaarheid te verseker in albei ekologiese en ekonomiese terme. Die totale vee getal toegelaat op Roodebergskloof is bepaal deur die Departement van Landbou in lyn met weidingsregulasies. Hulle het bepaal dat Roodebergskloof kan 450 KVE dra wanneer die hele plaas bewei word. Met die wegneem van die eksklusiewe bewaringsarea van weiding is die totale weidings area nou net 3192 ha wat ŉ drakrag van 320 KVE het. Die drakrag is gebasseer op die doelwit van die verkoping van hoë vee getalle met hoë kwaliteit skape of bokke elke year. Nietemin, in jare van strawwe droogtes mag die plantegroei nie genoeg wees om al die vee aan die lewe te hou nie. Onder hierdie omstandighede moet vee getalle verminder word.

22.2 Die totale hoeveelheid vee wat toegelaat is is 320 KVE. Die Wei-ooreenkoms beskryf hoeveel vee ‘n individue op Roodbergskloof kan hou.

22.3 Skape, bokke en beeste jonger as ses maande is nie in die drakrag ingesluit nie.

22.4 Een bees is gelykstaande aan 6 KVE

22.5 Huidige wette laat nie toe dat vee-eienaars die drakrag oorskry nie. Gedurende droogtes kan veegetalle verminder word tot onder die voorgestelde drakrag as ŉ direktief van die staat om vee te verminder. Vee verminder kan ook plaasvind as die IK so ŉ besluit neem of as al die vee-eienaars voel dat die huidiglike drakarg te hoog is vir die hoveelheid weiding wat beskikbaar is. As die reënval laag is en die toestand van die diere verswak, kan ŉ gesamentelike besluit geneem word om veegetalle te verminder sodat dit verseker kan word dat die oorblywende vee die droogte oorlewe. Boere sal dan moet oortollige diere verwyder in November/Desember as die reënval swak gewees het in die vorige winter.

22.6 Gedurende strawwe droogtes moet die IK in raadpleging met die Departement van Landbou besluit dat vee getalle verminder moet word onder die voorgestelde drakrag. ‘n Proporsionele vermindering van vee moet plaasvind.

23. Veetipes

23.1 Die rede vir bepaling watter tiepe vee op die plaas toeglaat word is om te verseker dat die plaas optimaal gebruik word vir die voordeel van alle vee-eienaars, en om te verseker dat diere wat spesiale behuising benodig volgens regulasies gevestig word en nie onwettig op die plaas aangehou word nie. Die veetipes wat op die plaas toegelaat word sal deur die IK bepaal word.

23.2 Op die oomblik is bokke, skape en bees op die plaas toegelaat.

23.3 Varke sal nie op die plaas toegelaat word tensy voorsiening gemaak word vir hulle aanhou. Varke moet beperk word tot ‘n omheinde area wat hulle apart hou van die beweide area. Die rede hiervoor is dat varke siekte na mense kan oordra as hulle in kontak kom met honde of mense se ekskrement.

23.4 Grondgebruikers wat varke wil aanhou moet die toesteming van die Implementeringskomitee kry en moet ’n aparte ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan. Voorwaardes vir die aanhouding van varke is soos volg:

23.4.1 Varke moet beperk word tot ’n veilige, omheinde area wat hulle genoeg spasie gee om te beweeg, te eet en drink, te rus en te ontlas.

23.4.2 Skadu moet vir die varke voorsien word so wel as beskutting teen koue weer

23.4.3 Vars drink water en kos moet op ’n daaglikse basis voorsien word

23.4.4 Streng beheer van knaagdiere, parasiete en vlieë moet ter alle tye gehandhaaf word

23.5 Donkies, muile en perde word nie op die plaas toegelaat nie tensy hulle deel is van ’n toerisme ondervinding maar dan moet hulle net daar gehou word vir ’n beperkte tyd.

23.6 Pluimvee mag angehou word vir individueële gebruik by veeposte of by die opstal vir gebruik van die akkerbou werkers voorsienlik dat hulle geskiklik in die area gehok is. Enige planne om pluimvee aan te hou vir kommersieële doeleindes moet deur die IK aanvaar word en voorsienlik hulle gepastelik gehok word.

24. Infrastruktuur Ontwikkeling en Bestuur

24.1 Infrastruktuur is nodig om te verseker dat veeboere en akkerbouers die natuurlike hulpbronne van Roodebeergskloof optimaal kan gebruik vir produksie en ter selde tyd hierdie hulpbronne bewaar vir toekomende gebruik. Bestaande veeboerdery infrastruktuur is beperk en benodig verdere ontwikkeling. Die Springbok kantoor van die Noord Kaap Departement van Landbou het ’n befondsingsvoorstel vir infrastruktuur met die grond gebruikers geontwikkel. Die voorstel sal ingehandig word vir befondsings van die Comprehensive Agricultural Support Program (CASP). Dit sal die volgende insluit:

24.1.1 Drade moet in plek gesit of herstel word. Dit sluit in gedeeltes van die grens draad en die interne drade om drie kampe te demakeer soos beskryf in afdeling 19.

24.1.2 Waterpunte, pompe en water krippe, en manier om water na die krippe te lei, veral na die suiderlike dele van die plaas is benodig.

24.1.3 Hek(ke) moet geplaas word in die drade langs die publieke pad om toegang te fasiliteer van Kleinhoog (die klein gedeelte grond op die weste van die Studerspas pad) na die hoof deel van Roodebergskloof.

24.2 Die IK moet ‘n plan maak vir die verbetering van die pad na die plaashuis en toegang tot die suiderlike dele van die plaas moet verbeter word omdat daar alreeds ’n pad na daardie gedeeltes is. Geen ander paaie moet gebou word sonder ’n volle verslag oor die impak van sulke paaie op die omgewing.

24.3 Die bestuur en instandhouding van infrastruktuur sal die verantwoordelikheid van die Munisipaliteit in samewerking met die IK en

geregistreerde veeboere en akkerbouers op Roodebergskloof wees. Infrastruktuur sluit in ’n ramkamp, water voorsiening, drade, hekke en paaie

24.4 Geen infrastruktuur mag van die plaas verwyder word of selfs binne die plaas verskuif word sonder die toestemming van die Munisipaliteit en IK.

25. Instandhoudingsfooi per KVE

25.1 Instandhoudingsfooie is benodig om te verseker dat die infrastruktuur in verband met weiding op die plaas instand gehou en ontwikkel word. ‘n Deel van hierdie fooi is ook nodig om deel van die salaris van die meentbeampte te betaal.

25.2 Geregistreerde veeboere op Roodebergskloof sal instandhoudingsfooie betaal wat gebasseer is op die aantal en tipe vee wat hulle op Roodebergskloof aanhou.

25.3 Die gelde sal gebruik word om infrastruktuur op Roodebergskloof instand te hou en te ontwikkel. Dit sal betaal word aan die Munisipaliteit wat ’n aparte bank rekening sal hê. ‘n Kwitansie sak uitgereik word wanneer betaling ontvang is.

25.4 Omdat die koste van ontwikkeling van infrastruktuur hoog is, sal ondersteuning gesoek word van buite bronne soos die Munisipaliteit en die Departement van Landbou vir die aanvangs, uitlê van ontwikkeling en herstelling van plaas infrastruktuur.

25.5 Instandhoudingsfooie sal jaarliks deur die Munisipaliteit en Vereeniging hersien word en verhoog word soos nodig. Die hersiening sal die volgende faktore in ag neem: verhoging in die koste van instandhouding van infrastruktuur; vermoë van die vee-eienaars om hoër fooie te betaal, en die salaris van die meentgrondbeampte.

25.6 Die Munisipaliteit se meentfooie is teen R2.00 per KVE per maand gestel. Dit moet elke ses maande betaal word. Die geld sal gebruik word vir algemene administrasie en instandhouding van infrastruktuur op die Plaas deur die Munisipaliteit. Die fondse sal gedeponeer word in ‘n rekening wat in die naam van die Vereeniging oop gemaak word.

25.7 Elke veeboer moet ’n sekere bedrag van geld wat gebasser is op die grootte van hom/haar trop, elke ses maande in die rekening betaal. Die gelde word toegelaat om te groei tot wanneer dit benodig is. Dit kan dan gebruik word om infrastruktuur te herstel. Die veeboere kan ook ander gebruike vir die fonds met die munisipaliteit beplan byvoorbeeld:

25.7.1 ontwikkelling van paaie op Roodebergskloof,

25.7.2 aankoop van medisyne vir vee, veral om aansteeklike siektes te voorkom wat alle boere sal affekteer

25.7.3 huur van vervoer om vee na marke te neem wat hoër pryse vir vee betaal

25.7.4 aankoop van voer gedurende droogte periodes of om ’n groep van lammers vet te maak vir die mark

25.7.5 Aankoop van teelingsramme

25.8 Die fooie vir die munisipaliteit is op die 1ste Desember en die 1ste Junie betaalbaar.

25.9 ‘n Voorbeeld van die inkomste wat ingesamel kan word as elke veeboer sy fooie betaal:

Met R2.00 per KVE/maand met vee by drakrag van 320 KVE

Elke ses maande is R3840.00 ingesamel
Oor een jaar is R76800.00 geakkumuleer

’n Eienaar met 10 KVE sal R20.00 per maand betaal, of R120 per ses maande of R240.00 per jaar. Hy/sy benodig om net een dier te verkoop per jaar om vir die bedrag te betaal en hy behoort geld oor te hê.

’n Eienaar met 50 KVE sal R100.00 per maand betaal, of van R600.00 per ses maande of R1200 per jaar. Hy/sy benodig om twee diere te verkoop per jaar om vir die bedrag te betaal en hy behoort geld oor te hê.

26. Bestuur en gebruik van die Instandhoudingsfooie

26.1 Boekhouding, verslae en beskikbaarstelling van rekords: In terme van punt 15 van die weidingsregulasies sal die Garies Munisipaliteit verplig wees om:

26.1.1 ‘n aparte stel boeke te hou vir die instandhouding van Roodebergskloof waarin alle inkomste en uitgawes betreffende Roodebergskloof instandhouding uiteengesit sal word.

26.1.2 ooreenkomstig die vereistes van die Bestuursplan moet ‘n jaarlikse bestuur begroting aanvaar word.

26.1.3 die IK te voorsien van maandelikse finansieële state van inkomste en uitgawes betreffende Roodebergskloof bestuur.

26.1.4 die registers, rekords, boeke en verslae aangaande die bestuur van Roodebergskloof en instandhouding op redelike tye en op versoek, aan lede van die Meentkomitee en Inwoners wat ‘n belang by die Bestuur van Rooderbergskloof het, by die Munisipaliteit se kantore beskikbaar te stel

26.1.5 Indien die Munisipaliteit versuim om noodsaaklike dienste in ‘n behoorlike toestand te onderhou en te herstel binne die begroting en beskikbare fondse, sal ‘n meentgebruiker en of die IK geregtig wees om regstappe teen die Munisipaliteit in te stel.

26.1.6 Die IK sal jaarlikse skriftelikse verslae aan die Munisipaliteit voorlê oor:

(a) Die implementering van die bestuursplan
(b) Getalle grondgebruikers en vee op die meent
(c) Gebreke aan infrastruktuur
(d) Aanbevelings en veranderinge aand die bestuursplan
(e) Aanbevelings oor voorgestelde herstel- of ontwikkelingswerk op die plaas

(f) Aanbevelings met betrekking tot optrede teen grond gebruikers wat nie hul verpligtinge in terme van hul individuee ooreenkoms nakom nie.

26.1.7 Die Raad sal die IK se skriftelikse plaasbestuursverlae, tydens ,'n raadsvergadering ter tafel lê vir bespreking, oorweging en aanvaarding en die Munisipaliteit sal skrifteliks antwoord gee voor die volgende IK vergadering.

26.1.8 Die Munisipaliteit sal maandelikse finansieële verslae oor die inkomste en uitgawes van die plaas aan die IK voorlê.

26.1.9 Roodebergskloof Bestuursbegroting: Die IK sal jaarliks 'n konsepbegroting vir die bestuur, instandhouding en ontwikkeling van Roodebergskloof voor die einde April voorberei vir oorweeging deur die Munisipaliteit. Die begroting sal opgestel word volgens die bepalings van die Bestuursplan. Die begroting sal onder andere die volgende items insluit:

(a) Uitgawes:
   (i) IK vervoerkoste vir inspeksies van die plaas
   (ii) Herstelswerk (kleinskaalse bedryfskoste)
   (iii) Kapitaaluitlegte vir ontwikkelingsprojekte
   (iv) Komunikasie
   (v) Meentbestuurder

(b) Inkomste:
   (i) Verwagte inkomste uit instandhoudingsfooie
   (ii) Staat/raadstoekennings
   (iii) Moontlike skenkings van donateurs

27. Instandhouding van infrastruktuur

27.1 Die Vereniging sal die Plaas inspekteer en enige gebreke aan die landbou-infrastruktuur identifiseer, bespreek en aan die meentbeampte en projekbestuurder rapporteer. Die Vereeniging sal alle klagtes oor instandhouding gedurende hul maandelikse vergadering hanteer. 'n Verslag sal elke maand aan die Munisipaliteit gelewer word oor die toestand van landbou-infrastruktuur.

27.2 Die veeboere sal onderneem om sodanige verbeteringe soos pompe, damme, omheining en ander verbeterings ten alle tye gedurende die huurtermyn van die weidingsooreenkoms in goeie orde te hou en dit by verstryking van hom/haar termyn, dit aan die Munisipaliteit af te gee in dieselfde toestand waarin die veeboer dit in ontvangs geneem het, redelike en billike slytasie alleen uitgeslote.

27.3 Indien dit vasgetstel word dat die munisipaliteit versuim om die verbeterings op die weiveld na behore in stand te hou en te diens, onderneem die veeboer om binne 14 dae nadat daar skriftelike kennis gegee is, sodanige instandhoudingswerk na te kom, en indien hy/sy sou versuim om dit te doen sal die Munisipaliteit geregtig wees om instandhoudingswerk en herstelwerk te laat doen en sal die veeboer wat die weiveld gebruik gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou word vir die betaling van die volle herstelkostes tesame all ander koste bereken teen die werklike koste plus 20 % administrasie heffing asook koste op 'n prokureur en klient basis van die veeboer te verhaal.

28. Die hantering van aansoeke vir toegang om op Roodebergskloof te wei

28.1 Die Munisipaliteit sal aansoeke vir toegang om op Roodeergskloof te laat wei deur nuwe boere oopmaak wanneer daar minder KVE op die Plaas is as die drakapasiteit van 320 KVE. Die Munisipaliteit sal deur skriftelike aankondiging inwoners van Garies laat weet dat aansoeke oop is en aansoekvorms sal by die Munisipaliteitskantoor te Garies beskikbaar wees. Die aankondiging sal opgeplak wees by die Munisipaliteit en ander openbare plekke soos kerksale en winkels. Inwoners sal een maand kennis gegee word om ‘n aansoek in te stuur.

28.2 Die Implementeringskomittee (IK) sal verantwoordelike wees om aansoeke te oorweeg volgens die kriteria soos neergestip in klousule 29. Die IK sal aanbevelings aan die Munisipaliteit maak wat die finale besluit sal neem in terme van die kriteria neergestip in klousule 29. Die Munisipaliteit sal hulle goed- of afkeurings van aansoeke skrifteliks verduidelik en ‘n kopie van sulke dokumente hou.

28.3 Die Munisipaliteit sal ‘n boer skrifteliks kennis gee van die goed- of afkeuring van hulle aansoeke.

28.4 As ‘n bestaande veeboer op Roodebergskloof besluit om sy vee te verkoop of gee aan ‘n inwoner van Garies, moet die nuwe eienaar skriftelik aansoek doen vir toelating tot Roodebergskloof en die kritera in klousule 29 sal van toepassing wees.

28.5 As ‘n bestaande veeboer op Roodebergskloof sterf, moet sy wetlike erfgename skriftelik aansoek doen vir toelating tot Roodebergskloof en die kritera in klousule 29 sal van toepassing wees.

28.6 Geen gebruiker mag sy vergunning om vee op Roodebergskloof aan te hou aan iemand anders oordra of afstaan of toelaat dat iemand anders vee in sy naam op Roodebergskloof laat wei nie.

28.7 As die finansieële status van ’n huidiglike geregistreerde vee-eienaar so baie verbeter het sodat hy/sy nie meer as arm en minder bevoorregte soos beskryf in klousule 29 hieronder geag word nie, kan die Munisipaliteit hom/haar vra om hom/haar weidingsreg op Roodebergskoof op te gee sodat ‘n ander arm en minder bevoorregte inwoner ‘n kans gegun word. Dit sal beteken dat hierdie vee-eienaar hom/haar eie planne maak om hom/haar vee van Roodebergskloof te verwyder.

28.8 Alle aansoekers wat goedgekeur is sal ‘n weidingsooreenkoms met die Munisipaliteit teken waarin die Munisipaliteit en die veeboer ooreenkom om ‘n sekere getal vee, teen ‘n sekere instandhoudingsfooi, vir ‘n sekere termyn op ‘n sekere weiveld te laat wei, onderhewig aan die bepalings soos uiteengesit in die Weidingsooreenkoms en die Weidingsregulasies. Wanneer die veeboer so ‘n weidingsooreenkoms teken word hy/sy automaties ‘n grondgebruiker in terme van die Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms en dus is hy/sy verbind aan die voorskifte van hierdie ooreenkoms.

29. Kriteria van toelating as veeboer tot Roodebergskloof

29.1 Die Kamiesberg Weidingsregulasies 7, afdeling 12, sit kriteria vir toelating van gebruikers uiteen wat van toepasing is.

29.2 Kapasitiet van die Plaas aangaande volhoubare benutting

29.2.1 Die totale hoeveelheid vee wat toegelaat is is 320 KVE.

29.2.2 Dus sal die IK en Munisipaliteit net aansoeke kan toelaat tot by die limiet. Die Munisipaliteit het dus besluit dat ‘n individuele veeboere ‘n maksimum van 50 vee per vee-eienaar op Roodebergskloof mag laat wei.

29.3 Die maksimum aantal diere wat op besluit was, is nie ‘n reg nie maar ‘n voorreg. Dit beperk die aantal diere wat een persoon op Roodebergskloof kan aanhou, op voorwaarde dat die totale aantal diere nie die drakrag oorskry nie.

29.4 Kapasiteit van die aansoeker om te boer

29.4.1 Ervaring van veeboerdery sal in die guns van die aansoeker tel.

29.4.2 Die vermoë van die boer om by die Plaas uit te kom sal in sy/hy guns tel.

29.4.3 Die geslag, ouderdom of fisiese bekwaamheid van die aansoeker kan nie gebruik word om ‘n aansoek af te keur nie, solank die aansoeker kan verseker dat hom/haar vee in ‘n regmatige manier bestuur sal word.

29.5 Die behoeftigheid van die aansoeker. Roodebergskloof was gekoop vir die voordeel van die arm en minder bevoorregtes van Garies. Vir hierdie rede sal arm en minder bevoorregte inwoners van Garies voorkeur kry. Die volgende sal gebruik word om te help met die oordeel oor die mate van armoede van die aansoeker:

29.5.1 Aansoekers wat minder as R4000.00 ‘n maand as huishouding in die voorafgaande jaar verdien het sal voorkeur gegee word. Die aansoeker moet inligting van inkomste insluitend pensioene en toelae en beleggings van die huishouding beskikbaar stel sodat die IK en Munisipaliteit in staat is om te weet hoeveel die inkomste is. As die inligting nie verskaf is nie, sal dit teen die aansoeker tel. Die nasionale syfer wat gebruik word om die armoede inkomste vlak te meet vir ‘n gesin van 5 is R1 541, vir ‘n gesin van 6 is dit R1 806, vir ‘n gesin van 7 is dit R2 054 en van 8 of meer is dit R2503. ‘n Hoër maksimum inkomste wat gebruik word om armoede te meet, is in plek aangesien daar kostes soos vervoer en veewagterslone, verbonde met instandhouding van vee op Roodebergskloof. Dit blyk onwaarskynlik dat mense vee kan onderhou op Roodebergskloof as hulle huishoudelike inkomste val onder die armoede inkomste lys hierbo. Die IK sal die maksimum limiet van R4000.00 hersien in lyn met inflasie soos nodig.

29.5.2 Aansoeker met meer afhanklikes sal voorkeur kry.

29.5.3 Aansoeker met minder alternatiewe bronne van inkomste sal

[7] Noord-Kaap Provinsiale Koerant, 1 April 2002, no 676. Kennisgewing 18 van 2002 – Bylae Kamiesberg Munisipaliteit Weidingsregulasies

voorkeur kry.

29.5.4 Aansoeker met minder vee sal voorkeur kry.

29.6 Status van die inwoner

29.6.1 Die gebruik van die grond as meentgrond vir die voordeel van die inwoners van Garies, met ’n klem op die armes en minderbevoorregtes.

29.6.2 Aansoeke sal net aanvaar word van boere wie voltyds in die Garies gebied bly en woon.

29.6.3 Dit sal teen aansoekers tel as hy/sy ‘n geskiedenis het van nie nakoming van meent verpligtinge.

30. Nuwe grond

30.1 Die Partye van die Ooreenkoms stemooreen dat die vee-eienaars sal geondersteun word om ’n plaas te koop in die somer of winter reënval areas sodat wisselweiding seisoeneel gebasseerd geimplimenteer kan word, en so verbetering aan te bring aan die lewens-bestaan van vee-eienaars. Die Partye stem saam om tesame te werk om die doel te bereik.

Programme 2: Volhoubare insameling van natuurlike hulpbronne

31. Riglyne vir vuurmaakhout insameling

31.1 Dooie hout speel belangrike rolle in natuurlike ekosisteems. Een van die mees belangrikste is dit van die voorsiening van beskerming vir saailinge en jong plante van strawwe omgewings kondisies en weiding van diere. Op die grond, help dooie materiaal om sade en organiese materiaal in die lug te betrap en verstadig die afvloei van water, gevolglik, verbeter infiltrasie van reënwater. Hierdie faktore help verbeter die hoeveelheid en kwaliteit van weiding. Die vrek van plante en die terugkeer van die materiaal na die grond vorm deel van naturalike voedingstof siklusse. Dooie hout word ook gebruik vir telingsgronde vir verskeie insekte, som wat verantwoordelik is vir bestuiwing.

31.2 Tradisionele praktyke rondom vuurmaakhout insameling deur die mense van Namakwaland het verseker die volhoubaarheid van hierdie hulpbron in die verlede. Mense het net dooie hout versamel, hulle het net versamel hoeveel hulle nodig het om ’n klein vuurtjie te maak om kos te kook en om hulle warm te hou, hulle het ver geloop om hout te versamel om te verseker dat hulle nie te veel impak maak op een area nie. Wanneer taaibos gebruik word, word net ’n paar takke gebruik op ’n tyd, net ’n paar takke word gebreek op ’n tyd sodat die bos gouer kan herstel as dit nie swaar geoes word nie.

31.3 Die IK sal die reëls vir vuurmaakhout insameling opteken en sal toepaslik wees:

31.3.1 Toeriste en die Akkerbou groep by die opstal sal uitheemse plante wat op Roodebergskloof groei gebruik om vuur te maak.

31.3.2 Wanneer aangestelde kokke kos voorberei vir mense op die wandelpad, sal hulle uitheemse plante gebruik as vuurmaakhout.

Kokke sal verseker dat die vure nie risikos stel vir veldbrande nie.

31.3.3 Onder geen omstandighede sal wandelaars toegelaat word om vure te maak vir kook of verwarming nie wanneer hulle op die wandelroetes is. Dit is in lyn met praktyke in ander formele en informele omgewingsgebiede in Suid Afrika.

31.3.4 Veewagters mag inheemse vuurmaakhout vir hulle eie gebruik op die plaas versamel wanneer hulle te ver van bronne van uitheemse plante is. Die vuurmaakhout sal volgens tradisionele praktyke geoes word wat die volhoubaarheid van die hulpbron verseker en beoog om die impak op biologiese prosesse wat afhanklik is van dooie hout te verminder. Net dooie takke van plante soos taaibos en ysterhout verwyder moet word. Die stomp sal nie verwyder word nie.

31.3.5 Wanneer dooie bosse versamel word deur veewagters, sal hulle verseker dat hulle hierdie versamel oor ’n wye area langs hulle weidingsroetes. Oor ’n weidingsseisoen sal hulle nie meer as 10 % (een in elke tien per jaar) van die dooie bosse van ’n area verwyder nie.

31.3.6 Net uitheemse vuurmaakhout kan verwyder word van die plaas vir gebruik deur grondgebruikers by hulle huise.

31.3.7 Geen vorm van vuurmaakhout mag verkoop word buite die eiendom nie

31.3.8 In die korttermyn sal uitheemse plante (bv. *Eucalyptus, Prosopis,* peperbome etc) op die eiendom versamel en verkoop word aan toeriste wat op die eiendom bly.

31.3.9 Omdat toeriste braaihout wil hê wat goeie kole maak en die tipe hout nie beskikaar op die plaas is nie, sal die toerisme besigheid verseker dat dit buite die plaas gekry moet word en aan die toeriste verkoop.

31.3.10 Die IK moet ‘n plan maak om die vuurhout van uitheemse bome in ‘n volhoubare manier te bestuur en bronne van vuurhout van buite die plaas te gebruik wanneer die uitheemse hout gebruik is.

31.3.11 Geen ander gebruik van vuurmaakhout sal plaas vind.

32. Riglyne vir die versameling van plant materiale vir strukture of ander gebruike soos handwerke

32.1 Inheemse materiale wat gebruik word vir die konstruksie van kookskerme, matjieshutte of ander strukture by die veeposte of by die toeris fasiliteite moet volhoubaar ingesamel word volgens die riglyne wat plant spesies beskem en die ekologie van plant gemeenskappe.

32.2 Kraalbos en gifmelkbos (bittermelkbos) moet vir kooskerm konstruksie gebruik word, en nie *Polymita* (muisoor) of ander sukkulente bosse nie. Nietemin, speel hierdie genoemde ongeskikte spesies ’n belangrike rol in die ekologie van die stelsel en mag nie uitgeroei word tensy voorsiening gemaak is vir hulle vervanging met meer geskikte spesies. Om plante te bewaar mag die materiale waarvan kookskerms gemaak is nie vernietig word nie wanneer die veeposte seisoenlik beweeg.

32.3 ’n Lys van plante wat gebruik word vir konstruksie sal gemaak word en volhoubare versamelings riglyne vir gebruik van hierdie materiale op

Roodebergskloof by veeposte of vir toeris strukture sal geontwikkel word deur die IK wie ’n studie sal kommissie. Totdat die studie voltooi is en sy aanbeveelings geaanvaar word sal die volgende riglyne toepas:

32.4 Geen plant materiaal gebruik vir konstruksie van kookskerme, matjieshutte of ander strukture mag van Roodebergskloof verwyder word nie.

32.5 Voorkeur moet gegee word om eers uitheemse dan inheemse materiaal te gebruik.

33. Riglyne vir insameling van medisinale plante

33.1 Gebruik van wild plante vir medisyne is deel van die kultuur van die mense van Namakwaland. Nietemin, ooroestery, of insameling van uiterse skaars plante kan ’n negative impak op die populasies van hierdie plante het en hulle vermoë om volhoubaar vir die toekoms te voorsien. Vir hierdie redes sal die IK riglyne moet ontwikkel vir insameling van medisinale plante.

33.2 Geregistreerde gebruikers van Roodebergskloof mag medisinale plante gebruik vir hulle self en hulle naaste families.

33.3 Waar moontlik is sal net ’n deel van die plant gepluk word vir medisinale doeleindes. Die gebruik van plante vir medisinale doeleindes sal op so ’n manier gebeur wat plante toelaat om verder te groei. Waar ’n plant gevernietig is deur plukkery, sal die plukker verseker dat hulle nie skaars plante insamel nie. Omdat die droë velle aan die buitekant van ’n gifbol gebruik word, moet die insamelaar verseker dat die bolplant weer in dieselfde posisie hoe dit uitgegrawe was, geplant is. In die manier kan die plant voorgaan om medisinale materiaal te voorsien in die toekoms.

33.4 Medisinale plante moenie vir verkoop gepluk word nie.

33.5 Enige medisinale plant wat beskou is as skaars of bedreig sal nie gepluk word nie.

33.6 Geen plant materiaal sal vir kommersieële medisinale doeleindes gebruik word.

Programme 3: Bestuur van Organiese Akkerbou

34. Agtergrond

34.1 Die gemeenskaplike akkerbou kom voor op ongeveer 9 601 m² (0.96 ha) binne ‘n 34 ha gebied naby die plaasopstal. Agt lede van die Garies Akkerbou Vroue Vereniging beoefen akkerbou. Die vroue het opleiding ontvang van Departement Landbou en Surplus People’s Project. ‘n Paar vroue bly in die plaashuis en keer terug na hul wonings te Garies gedurende naweke. Gewasse sluit wortels, kool, aartappels, uie en waatlemoen in en word aan die gemeenskap van Garies verkoop (Samuels en Allsopp, 2006).

34.2 Die akkerbouers gebruik huidiglik organiese metodes om te boer. Hulle produseer meestal vir eie gebruik en verkoop beperkte produkte op ’n plaaslike basis. Hulle soek nuwe markte om sodoende hulle operasies uit te brei. Huidiglik is daar 45 000 hektaar grond onder organiese bestuur in Suid Afrika. Organiese produkte kry hoër pryse dan nie-organiese produkte in Suid Afrika. Dit stel ’n groot geleentheid voor vir alby die groente en vee boere op Roodebergskloof want alby die akkerbou en vee word op ’n organiese basis geproduseer. Die Roodebergskloof boere beoog om toegang te kry na die groeiende organiese markte en sal deur CI en SPP ondersteun word in hierdie opsie.

34.3 Ter bereiking van die doeleindes van grondhervorming en bevordering van arm inwoners stel die Verhuurder hiermee ‘n gedeelte van die grond beskikbaar aan die Garies Akkerbou Vroue Groep en om lede van die groep die geleentheid te gun om tydelik op die plaas te oornag tewyl hulle die grond bewerk.

34.4 Die Garies Akkerbou Vroue Groep mag slegs die tuin gebruik vir die aanplant van en boer met tydelike gewasse en vir geen ander doel sonder dat die skriftelike toestemming van die Verhuurder vooraf verkry is nie, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie.

34.5 Die Garies Akkerbou Vroue Groep is verplig om die gedeelte vir boerdery doeleindes te gebruik ooreenkomstig algemene en standaard organiese boerdery praktyke en onderhewig aan grond bewaringsvoorskrifte soos neergelê deur die Departement van Landbou. Dit sluit in die versorging van vleilande.

34.6 The huurkontrak tussen die Garies Akkerbou Vroue Groep en die Kamiesberg Munisipaliteit lê uit die voowaardes vir die gebruik van grond wat beskikbaar gemaak is vir akkerbou. Dit sluit in besonderhede oor water gebruik, tydelike oornag geriewe insluitend wie die regte het om dit te gebruik en hul instandhouding.

34.7 Omdat water so ‘n beperkte hulpbron in Namaqualnd is, moet stappe geneem word om water in ‘n bespaarbare manier vir akkerbou te gebruik.

34.8 As ‘n geleentheid om inheemse medisinale plante of ander inheemse plante vir wins te kweek voorkom, moet die akkerbou groep ‘n bestuursplan wat deur die IK goedgekeur is, ontwikkel, voordat enige verdere stappe geneem word.

Programme 4: Bestuur van bewaringsgebiede

35. Agtergrond

35.1 Volgens die *“Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms”* en die sonerings-kaart in klousele 4.2 is daar twee tipe bewaringsgebiede op Roodebergskloof:

35.1.1 Die eksklusiewe bewaringsarea van ongveer 1 220 hektaar waar beperkte toerisme en geen ander grondgebruike sal voorkom.

35.1.2 Spesiale bewaringsareas, soos op die soneringskaart aangedui, waar ander grondgebruike op ‘n beperkte basis sal voorkom.

35.1.3 Hierdie hoofstuk beskryf hoe die gebiede bewaar sal word. Volhoubare bestuur, wat saamhang met die konsep van Roodebergskloof as ‘n bewaringsplaas word in die ander Hoofstukke behandel.

35.2 Die bestuur van wildlewe en skadedoende diere is ook hier gehandel.

36. Eksklusiewe bewaringsgebied

36.1 Reëls vir die gebruik van die eksklusiewe area is as volg:

36.1.1 Geen ander grondgebruik, uitsluitend vir beperkte toegang vir toeriste wat die wandelpad gebruik volgens die reëls wat in daardie pad uitgelê in klousule 42.12, is toegelaat.

36.2 Bestuursaksies sal geonderneem word en is as volg:

36.2.1 Die draad op die westelike sy langs die Studerspas sal reggemaak word om te verhoed dat diere soos donkies die eksklusiewe area binnegaan.

36.2.2 die eksklusiewe area sal demarkeer word met klip bakens. CI sal ‘n aksieplan vir die demarkering met die Implementeeringskomittee geimplementeer.

36.2.3 ‘n veldbrand bestuursplan moet opgerig word vir die hele plaas. Dit sal besluit of veldbrande vir die oorlewing van enige spesiale plantgroepe nodig is.

36.2.4 ‘n plantlys moet opgestel word.

36.2.5 tekens vir toeriste moet opgerig word om die area aan te dui en hulle kennis en ondervinding te verbeter.

37. Spesiale bewaringsareas

37.1 Die spesiale bewaringsareas soos aangedui op die soneringskaart is huidiglik net tot betrekking op water wat gesamentlik ’n sleutel rol speel in langtermyn voorsiening vir die area en form die hoofwaters van die Groen River. Hulle kan geklasifiseer word in nie volhoubare strome nie, heuwelhange syfer vleilande en vallei bodems. Hulle is belangrike ekologiese gange en gradiënte. Hulle is ook die water bron vir vee op Roodebergskloof. Vir die rede is besluit dat minder vee weiding sal plaasvind in hierdie areas.

37.2 **Reëls vir die gebruik van vleilande is as volg:**.

37.2.1 Weiding en betrapping moet so ver as moontlik in vleilande verhoed word. Veewagters moet nie vleilande daagliks teiken om hulle vee spesifiek daarna te lei nie Vleilande kan slegs bewei word as dit langs die weidingsroete van troppe is wanneer hulle oppad is na hulle teiken daaglikse weidingsgebied of water punt As die hoogte van die plantegroei in ’n vleiland laer as 20 cm val dan moet die vleiland in totaal vermei word deur vee vir die volgende twaalf maande

37.2.2 Een voordeel om vleilande te bewaar gedurende goeie weidingsseisoene is dat hulle gedurende droogte goeie weiding kan voorsien vir vee.

37.2.3 As die grond in vleilande te oorstroom of nat is tot die oppervlak,

sal vee verwyder word van die gebied totdat dit uitgedroog is. Die rede vir dit is wanneer grond, veral die met ŉ hoë klei inhoud, nat is, is die grond meer vaarbaar tot uittrapping en erosie. Die grondstruktuur word beskadig deur die herhalende deurdringing van hoewe in die grond, verminder van plantegroei produksie, en vermeerdering van vatbaarheid tot erosie. Nog ŉ rede waarom dit belangrik is dat die vleiland nie bewei word wanneer dit oorvloei is, is dat vee die water besoedel met hulle uitwerpsels en uriene wat gesondheids nagevolge het vir die water gebruikers stroom af. Die uitsluit van weiding wanneer die grond nat is plaas nie te veel druk op die boere nie omdat wanneer vleiland gronde te nat is, is dit gewoonlik gedurende periodes wanneer nie-vleiland weiding produksie relatief hoog is.

37.2.4 Vleilande kan nie opsetlik gebrand word nie. As ŉ veldbrand ontstaan in die hele area sal maatreëls geneem word om beheer te kry oor die vuur sodat minimum skade aangedoen word.

37.2.5 Tekens sal vir toeriste opgerig moet word om die vleilande aan te dui en hulle kennis en ondervinding te verbeter en verseker dat hulle oor vleilande loop nie waar dit kan verhoed word.

37.2.6 Riglyne vir die gebruik van vleilande rondom die opstal sal deur die "Wetland Health and Intergrity" span in samewerking met die ARC geontwikkel word in 2008.

37.3 ŉ Botaniese opname van die plaas sal sal geonderneem word deur die CREW program in vennootskap met die NWI en grondgebruikers binne ses maande wanneer die plan in toepassing kom om die begrip van die spesifieke plantegroei verspreiding en spesies komponente regoor Roodebergskloof te verbeter, met ŉ fokus op bepaling van lokasies van spesiale spesies buite die van die eksklusiewe sone. Die opname sal die volgende produseer:

37.3.1 ŉ gedetalleerde GIS kaart van die plantegroei verspreiding en spesies komponente regoor Roodebergskloof. Daar is spesiale plant spesies op Roodebergskloof buite die eksklusiewe sone maar huidiglik is hulle lokasies nie bekend nie. ŉ Botanise opname sal geonderneem word om hulle spesifieke lokasies te bepaal en om gepasde bestuursreëls te maak.

37.3.2 ŉ gedetailleerde GIS kaart van waar spesiale plant spesies voorkom buite van die eksklusiewe sone;

37.3.3 ŉ bestuursplan vir die spesiale plant spesies wat spesifiseer watter tipe grondgebruik gepas is. By voorbeeld, dit is aanbeveel dat die lokasies vir hierdie spesies nie met toeriste gedeel word nie tensy hulle ŉ gids het. Dit is ook aanbeveel dat geen weiding toegelaat word rondom populasies van spesiale spesies gedurende die tyd periode waanneer die plante blom en sade set. Wanneer die saad geset en af geval het van die spesiale plant spesies, kan vee weiding hervat word in die area. Dit sal of nie-permanente bedrading of versigtige wagtery makeer om te implementeer;

37.3.4 ŉ Identifikasie Boekie en ŉ Roodebergskloof Spesiale Blomplante Kalendar vir MoA sleutelhouers, en die grondgebruikers;

37.3.5 ŉ Voorgestelde bewustheid en opleidingsprogram.

38. Wildlewe bestuur

38.1 Bewaring is ook besorg oor diere. Die bestuur van diere en roofdiere is van belang. Menigte reptiel, amfibië en voëlspesies kom op Roodebergskloof voor. Groter soogdier spesies sluit in: klipspringer (*Oreotragus oreotragus*), steenbok (*Raphicerus campestris*), Kaapse klipdassie (*Procavia capensis*), Kaapse vlakhaas (*Lepus capensis*), gemsbok (*Oryx gazelle*), ystervark (*Hystrix africaeaustralis*), aardvark (*Orycteropus afer*), bobbejaan (*Papio cyncephalus ursinus*), rooikat (*Felis caracal*), bakoor jakkals (*Otocyon megalotis*), rooijakkals (*Canis mesomelas*), en Afrikaner groukat (ook bekend as vaalboskat of *Felis lybica*).

38.2 In die volgende afdelings is bestuur van gemsbokke, skadedoende diere en honde beskryf

39. Riglyne vir die bestuur van die Gemsbokke op Roodebergskloof.

39.1 Dit is bekend dat gemsbokke op Roodebergskloof voor kom maar min is oor die getalle, beweging en impakte geweet. Veeboere het kommer uitgedruk dat hulle die drade beskadig. Op die oomblik is die getalle van die Gemsbokke nie bekend nie en dit wil ook voorkom asof die bokke met tye na die aangsende plase trek. Die aspek sal dit baie moeilik maak om hulle getalle te bepaal. Die onherbergsaamheid van die omgewing, gebrek aan veldwagters en paaie skakel al die grondgebaseerde sensus tegnieke uit. Dus is die enigste opsie lugsensusse. Die onkoste aan hierdie tipe sensus tegniek is ongelukkig baie hoog. Sensus tegnieke behoort eers oorweeg te word nadat die grensheining opgegradeer is om die Gemsbokke te kan keer.

39.2 Die jag of vang van die bokke is onderhewig aan die Natuurbewarings Ordonansie 19/1974.

39.3 CI sal ’n studie onderneem om te bepaal die getalle, gedrag, beweging en impak van gemsbokke en om ’n bestuursplan aan te beveel vir hulle. Die plaaslike Departement van Omgewingssake (DTEC) in Springbok kan genader word vir help om navorsing te doen op gemsbokke en om te help ontwikkel ’n bestuursplan vir hulle.

40. Riglyne t.o.v. die bestuur van skadedoenende diere

40.1 Die beleid op Roodebergskloof tenoor skadedoende diere is om maniere te ontwikkel wat skade verminder, maar verseker dat die biodiversteit bewaring en volhoubare benutting doeleinde gevorder is.

40.2 In 2006 was ongeveer 15 kleinvee verloor weens roofdiere. Die beheer van roofdiere word huidiglik uitgevoer deur slagysters wat tans die roofdiere ook dood maak. Dit is onseker hoeveel roofdiere in lokvalle omgekom het maar die dood van een rooikat in 2006 was gerapporteer.

40.3 Dit moet beklemtoon word dat vir elke dier wat in ’n slagyster,gevang word, is nege skadelose diere gevang en grousame dood gelei. Dit het baie gevolgtrekkings soos andere.

40.3.1 Populasies van wilde diere word verminder

40.3.2 Die balans van natuur is vesteur, en diere wat nie gewoonlik skade doen nie, kan probleem diere word.

40.3.3 Daar is minder prooi beskikbaar vir roofdiere wie dan na vee sal draai as proei

40.3.4 Populasie ontploffing van insekte of muise of ander diere wat kompeteer met vee vir weiding kan gebeur wanneer die diere wat hulle eet gevang word.

40.4 Geen jag van roofdiere, vergiftiging of stelling van slagysters sal op Roodebergskloof plaas vind nie. Terwyl huidiglike wetgewing nie die dood van sekere uitgewysde skadedoende diere verhoed nie (naamlik rooikat, rooijakkals en groukat), word die doodmaak van nie-probleem diere nie toegelaat nie. Beskermde diere sluit in die silwerjakkals. Dit is heel moontlik dat die wetgewing wat die doodmaak van roofdiere nou toelaat in die toekoms sal verander.

40.5 Die hoofskadedoende diere moet identifiseer word, bv:

40.5.1 Jakkals, rooi en grou katte – getal kleinvee verloor, ouderdom en gebied op plaas waar skade gedoen word

40.5.2 Ystervarke en bobbejane – skade aan gewasse en infrastruktuur soos pype

40.5.3 Die grondgebruikers, in verband met CI, DTEC en ander vakkundiges moet oplossings wat die skade van roofdiere en ander wilddiere verminder identifiseer. Dit is moontlik dat verskillende aanvullende beheermeganisme kan ontwikkel word. Soms van die is alreeds in gebruik bv: veewagters en wagterhonde, kraal van vee saans, halsbande.

41. Riglyne ten opsigte van die aanhouding van honde

41.1 Veewagters gebruik huidiglik wagter honde om die vee te beskerm teen roofdiere

41.2 Die gebruik van honde om te jag is een van die gelyste verbode jagmetodes in die Natuurbewarings Ordonansie 19 van 1975. In die Jagproklamasie wat elke jaar deur DTEC uitgegee word onder die Natuurbewarings Ordonansie word die verbode jagmetode wat op honde van toepassing is opgehef vir die volgende spesies Rooijakkals, Rooikat en Vaalboskat (Groukat). Die gebruik van honde vir die jag van bogenoemde spesies word egter om die volgende redes nie aanbeveel nie.

41.2.1 Honde moet baie goed opgelei wees om tydens die jag nie-teikendiere dood te maak nie. Indien ‘n hond ‘n nie-teiken dier soos ‘n haas of steenbok vang is die hond eienaar skuldig aan ‘n verbode jagmetode en kan hy vervolg word.

41.2.2 Honde in die veld is geneig om uit nature alle klein soogdiere en grond lewende voels te vang. Dit veroorsaak dat natuurlike roofdiere soos Rooijakkals en Rooikat genoodsaak word om bok en skaaplammers te vang as gevolg van ‘n afname in hulle natuurlike prooi.

41.3 Honde sal net gebruik word om roofdier te waarsku en om hulle weg te jaag. Hulle sal nie aangemoedig word om roofdiere dood te maak nie.

41.4 Die getal honde per wagter word tot drie gebeperk. Die honde moet gevoer word.

41.5 Die honde moet saam met die vee in die veld loop of by die veepos bly. Enige hond wat alleen in die veld rondloop moet van Roodebergskloof verwyder word.

41.6 Bestuursaksies rakende diere en roofdiere sal geonderneem word:

41.6.1 As hulle voel dat dit nie voldoende is nie kan Conservation International aangespreek word om die gebruik van Anatoliese honde as 'n opsie om die vermoë te verhoog om hulle vee teen roofdiere te beskerm te bespreek.

41.6.2 Ander opsies is om te kyk na die teeling en opleiding van honde wat vee teen roofdiere kan beskerm. Huidiglike praktyke van veewagters wat op die meent om vee te beskerm gebruik is, kan geondersoek word.

Program 5: Bestuur van natuur-gebaseerde toerisme

42. Toerisme-ondernemings

42.1 Toerisme-ondernemings is 'n alternatiewe inkomstebron vir die grondgebruikers op die Plaas en vir inwoners van Garies. Een van die voordele van biodiversiteitbewaring en volhoubare bestuur van natuurlike hulpbronne op Roodebergskloof is dat ekotoerisme kan bevorder word.

42.2 Volgens die *"Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms"* en die sonerings-kaart in klousele 4.2 vind toerisme plaas:

42.2.1 By die opstal waar toerismeondernemings (fasiliteite en aanbiedinge) ontwikkel sal word;

42.2.2 Op die Rooiberg wandelpad; en

42.2.3 Op ander gedeeltes van die plaas wat toeriste informeel mag besoek.

42.3 Hierdie hoofstuk beskryf hoe die gebiede bestuur sal word. 'n Aparte dokument, die Roodebergskloof Toerisme Besigheids Plan, moet gelees word tesame met hierdie afdeling.

42.4 Die volgende kapitaal en infrastruktuur was al reeds voorsien en is op die terrein:

42.4.1 Vier opgerigde 2-persoon tente

42.4.2 'n buite, warm stort

42.4.3 'n long-drop toilet

42.4.4 Die 10 km en 20 km wandelpaaie

42.5 Die volgende adisionele infrastrukture sal in 2008 deur Ishabi opgerig word en is gebasseerd op die DEAT kontrak:

42.5.1 Vyf 2-bed luukse chalets by die opstal

42.5.2 Kantoor/inligting en vergaderings kamers by die postal

42.5.3 Ablusie fasiliteite vir die kampterrein

42.5.4 Akkommodasie vir die akkerbou-vroue

42.5.5 Uitlê plan vir die opstal

42.6 Ontwikkeling van Opstal area

42.6.1 Die opstal area sal met omgewings sensitiewe infrastrukture, met 'n kantoor/ontvangs area, chalets, kookskerm en 'n kampterrein geontwikkel word. Die doel is om die bestaande geboue te opgradeer en om nuwes te bou waar dit nodig is.

42.6.2 Kantoor/inligting/ontvangs area: Die opstal sal die eerste punt van aankom vir gaste op die plaas wat akkommodasie soek of om die Rooiberg wandel pad te doen. Die ontvangs sone sal gaste verwelkom, voorsien dat parkering veilig en skoon is Aantreklike toilette, 'n piekniek area en fasiliteite vir dag gebruik vir ontspanning sal geontwikkel word in die ontvangs sone. Die ontvangs kantoor of 'n lokasie binne die area sal geontwikkel word om verversings te verkoop, handwerke, en ander diverse. Conservation International sal verantwoordelik wees om hulpbronne te kry om die ontwikkeling van die ontvangs area te ondersteun.

42.6.3 Chalets: Vyf self-sorg chalets sal gebou word binne die area wat aangedui is op die opstal diagram. Chalets bestaan uit plaaslike materiale, hernude energies, water-besparings tegnologies en biodiversiteit beste praktyke. Die kulturieele en natuurlike erfinisse van die gebied sal weerspieël in alby die binne en buite ontwerpe. Ishabi is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die chalets.

42.6.4 Kookskerm: 'n kookskerm wat toeriste sal voorsien met 'n plek waar hulle kan eet, of hulle maak self kos of is voorsien deur plaaslike mense met 'n spyskaart sodat toeriste plaaslike kultuur kan ondervind. Conservation International sal verantwoordelik wees om hulpbronne te kry om die kookskerm ondervinding te ontwikkel.

42.6.5 Grondgebruiker akkommodasie en gebruik: Ishabi is verantwoordelik om aan te dui hoe en waar hierdie geontwikkel sal word.

42.6.6 Kampterrein: Die kampterrein bestaan uit 4 x 2 slaap tente, buite, son/gas gekragde storte en 'n long drop toilet. Die omliggende spasies kan gerieflik 'n verdere 10 tente akkommodeer. Enige meer as dit en die huidige ablusie fasiliteite sal nie meeding nie.

42.7 Reëls vir die bestuur van die opstal is as volg:

42.7.1 Omdat die opstal area nog steeds geontwikkel word is die reëls nie in plek nie. Hierdie sal in die volgende toerisme produkte aangebied word.

42.8 Beskrywing van toerisme produkte op Roodebergskloof

42.8.1 Slack packer opsie - Die slack packer pakket voorsien ‘n ondersteunende 3 daagse wildernis ondervinding vir toer groepe of kliënte wat verkies om die luuksheid van ‘n semi – voorsiende, gids ondervinding wat ook bagasie kan vervoer as benodig. Kliënte arriveer in die namiddag en stap na “Uitkyk” of “Grot Kamp” waar aandete met die nodige eetgery voorsien word. Hulle slaap in hul eie tente maar matrasse word voorsien. Hulle word ook voorsien van ontbyt in die oggend. Die kliënte word dan geneem na die piek deur ‘n “bewarings interpreteerder” waar hulle middagete gaan geniet wat voorsien word. Hulle keer terug na die plaas voor sononder en sal die relatiewe luuksheid van die tente en die eenvoudige ablusie geriewe hê. Hulle sal getrakteer word met die kookskerm ondervinding met tradisionele kos en musiek. Hulle sal moerkoffie en beskuit die volgende oggend vir ontbyt ontvang waarna hulle dan vertrek.

42.8.2 Stapper opsie - Dit is ‘n nie-ondersteunende staproete opsie. Kliënte kan of hulle eie tente gebruik of die tente wat voorsien word teen ‘n hoër tarief insluitend die gebruik van die ablusie geriewe. Hoewel, kliênte deur die ontvangs persoon ontmoet word, en na hulle onderskeie kampeerplekke gevat word, en ook gewys word hoe die stort werk, sal dit van hulle verwag word om geheel en al op hul eie en selfonderhoudend te wees

42.8.3 Wildernis ondervinding - Operateurs wat wildernis ondervindings aanbied sal moet toegang bespreek vir die plaas. Byvoorbeeld, besigtigings stappies wat in sal sluit drie dagse kampering in die veld opgevolg deur ‘n fees. Onderhandeling tussen kliênt en bestuur kan, na ‘n sekere stand dienste vertraag, wat deur die plaas voorsien word na die vereistes van die kliënt, en die ooreenkoms bereik word vir daaglikse fooi. Nog ‘n voorbeeld is die Namakwa Perde roetes – wat graag op die plaas wil slaap, die perde sal moet geakommodeer word maar sal nie gery word nie, en hulle mag ook voer nodig hê. ‘n Vasgestelde fooi sal onderhandel moet word.

42.8.4 Dag besoekers – Die volgende tipe dagbesoekers sal toegelaat word –a) Opvoedkundige en kerk uitstappies van nie meer as 25 persone nie; b) Verjaarsdagpartytjies vir bejaardes, 60j en ouer; en c) Verjaarsdagpartytjies vir 21j en ouer; en d) Families – nie meer as 25 persone op een dag. Omdat daar geen fasiliteite soos braai areas is nie, mag mense nie vuur maak nie, maar hulle kan piekniek hou. Die nodige fasiliteite moet in plek gestel word om die dag besoekers te akkommodeer. Dit is voorgestel dat ‘n dagbesoeker area ingesluit word by die Ishabi plan.

42.9 Direk en indirekte toerisme voordele – werk, verkope en dienste

42.9.1 Die voorgenome direkte en indirekte voordeeltrekkers van die Roodebergskloof toeriemse besigheid bir die eerst jaar van operasie is:

42.9.2 Plaaslike besighede wat insluit: a) Die Akkerbou-vroue wat kookskerm ondervinding sal voorsien, i.e. kos vir kliënte; b) Plaaslike musikante wat musiek aan die kliënte sal voorsien; c) Plaaslike verkope van uitheemse hout for beperkte gebruik; d) Plaaslike persone wie van werk voorsien sal word as toerisme

offisiere (2 in die begin en 1 later). Die persoon wat die bespreking dienste voorsien sal ook 'n besprekingsfooi betaal word.

42.9.3 Blootstelling aan toerisme kliënte en geleenthede vir ondervinding met toeriste, besigheids beplanning en opleiding Roodebergskloof grondgebruikers and Kamiesberg Munisipaliteit.

42.9.4 Die besonderhede van die voorgenome wins is beskryf in die toerisme besigheids plan.

42.10 **Reëls vir die bestuur van toeriste is as volg**:

42.11 Toegang tot Roodebergskloof sal beheer word deur die hek te sluit – net die plaasbestuurder, die toerisme offisier en die grondgebruikers sal sleutels het. Toegang tot die plaas sal deur die toerisme offisier wees wie die bespreekde groepe na die plaas toe sal bring.

42.11.1 Bespreking sal deur die toerisme offisier gemaak word

42.11.2 Alle besoekers sal met 'n permit voorsien word wat sal stipuleer wat hule mag en mag nie op die plaas doen nie. Die permit sal geontwikkel wat 'n nommer, logo en wat mense toegang gee tot Roodebergskloof. Op die een kant sal daar 'n vorm wees wat deur die toerisme offisier ingevul word wat die name en hoeveelheid mense, verblyf periode, ens. Verskaf. Op die agterkant sal die voorwaarde tot toegang en gebruik as volg stipuleer.

42.11.3 Wat jy in bring moet jy wegneem (i.e. geen rommel)

42.11.4 Hekke moet toe gehou word

42.11.5 Respek ander kampeerders en mense op die plaas

42.11.6 Daar word nie in die dam geswem nie

42.11.7 Geen vure buitendien in geskikte gebiede by die opstal (een sal so gou as moontlik aangedui word)

42.11.8 Geen versameling van hout – dit gekoop word van die hout persoon en net uirheemse hout kan gebruik word

42.11.9 Geen vewydering van enige hulpbronne (blomme, diere, ens.) of boedery of ander hulpbronne

42.11.10 Geen alkohol

42.11.11 Geen harde musiek

42.11.12 Enige iets wat beskadig word moet herstel word of die geld moet aan die toerisme offisier betaal word om dit te herstel

42.11.13 Verdere reëls sal geontwikkel word wanneer die chalets opgerig is.

42.12 Reëls vir die bestuur van die wandelpaaie, Rooiberg grot en kampeerterrein is as volg:

42.12.1 Wandelaars mag net die wandel pad, grot en kampterrein gebruik as hulle 'n bespreking gemaak het (wat gedoen kan word voor of op die dag wanner hulle daar aankom) en 'n fooi betaal. Hoe wandelaars 'n bepsreking maak, die hoeveel hulle moet betaal en hoe hulle betaal sal in die Kampeerders bestuursplan plan gespesifiseer word.

42.12.2 Wandelaars moet hulle eie water dra op die roetes en moet alle rommel van die roetes verwyder.

42.12.3 Wandelaars moet gebruik maak van die komposting toilette by die grot en uitkyk punt.

42.13 ’n Kampeer bestuursplan sal geontwikkel word deur die Mountain Club met deelname van die Kamiesberg Munisipaliteit, die Kamiesberg Toerisme Maatskappy en plaaslike grondgebruikers voor Augustus wanneer die toerisme seisoen begin. Die plan sal die volgende kwessies aanspreek:

42.14 Hoe wandelaars bespreking maak vir die kampterrein, roete en grot, en wie bespreking en betalings administrateer;

42.15 Hoeveel wandelaars moet betaal vir roetes en kampering;

42.16 Watter bank rekening die geld in betaal moet word en hoe die rekening gebestuur sal word;

42.16.1 Hoeveel mense die wandelpaaie kampterrein, roete en grot mag gebruik;

42.16.2 Reëls vir gebruik van die wandelpaaie en kampeer fasiliteite deur wandelaars insluitend water, toilet fasiliteite, rommel verwydering, vure en gebruik van vuurmaakhout;

42.16.3 Reëls vir tekens op die roetes en by die kampeer fasiliteite;

42.16.4 Wie verantwoordelik is vir bestuur en instandhouding van hierdie fasiliteite

Programme 6: Implementering van die Bestuursplan

43. Bestuursbenadering

43.1 Die benadering tot die bestuur van Roodebergskloof sal een wees van aanpasende bestuur. Dit beteken dat die partye tot die volgende saam stem:

43.1.1 Om die grond te bestuur volgens die bestuursplan en enige ondervindings na mekaar terug te voer;

43.1.2 Om ’n moniteringsprogram te ontwikkel en implementeer vir verskeie aspekte op die plaas;

43.1.3 Om gereeld met mekaar te kommunikeer oor bestuurskwessies;

43.1.4 Om die implementering van die bestuursplan te moniteer;

43.1.5 Om die plan aan te pas, deur ooreenstemming tussen die partye, as nuwe informasie beskikbaar word en/of beter maniere gevind word om hoe dinge te doen.

43.2 Die bestuursplan is dus ’n lewendige dokument wat aangepas sal word as die partye tesame leer oor wat die beste praktyke is. Die implementeringskomitee sal getaak word om veranderinge skriftelik aan die bestuursplan te bring binne ’n jaar

44. Liggame en personeel vir die implementering van die bestuursplan

Die verantwoordelikehede van die partye vir implementeer van die *"Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms" soos* uiteengesit in klousele 7 van daardie ooreenkoms is ook verantwoordelik vir die implementing van die Bestuursplan. Hulle verantwoordelikhede is as volg:

44.1 Veeboere en die Munisipaliteit is verantwoordelik om weidings-ooreenkomste te teken wat hulle rigte en pligte aanspreek.

44.2 Die akkerbouers en die Munisipaliteit is verantwoordelik om 'n akkerbou-ooreenkoms te teken wat hulle rigte en pligte aanspreek.

44.3 Surplus People Project is verantwoordelik om ondersteuning aan die vee-eienaars en akkerbouers te gee.

44.4 Die Munisipalitiet is verantwoordelik om 'n meent-beampte aan te stel wie verantwoordelik sal wees vir die finaliseering van die konsep weidings-ooreenkomste en akkerbou-ooreenkoms en afdwinging daarvan.

44.5 Die Munisipaliteit is verantwoordelik om 'n jaarlikse begroting op te stel wat gekoppel is aan sy IDP om bestuur en ontwikkeling van Roodebergskloof te ondersteun, insluitend veeboerdery, akkerbou and toerisme.

44.6 Die liggame en personeel verantwoordelik vir implementering van die *"Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms"* soos uiteengesit in klousule 7 van daardie ooreenkoms is ook verantwoordelik vir die implementing van die Bestuursplan. Hulle is as volg:

44.6.1 Die gebruik van die grond as meentgrond vir die voordeel van die inwoners van Garies, met 'n klem op die armes en minderbevoorregtes.

44.6.2 'n Implementerings Forum (IF) dat sal gestig word om leierskap te sorg vir die implementering van die "Roodebergskloof Grondgebruiksooreenkoms" en die Bestuursplan. Die forum sal ten minste een keer per jaar ontmoet. Sy funksies, take en lidmaatskap is in klousule 7 uitgelê van die Grondgebruiksooreenkoms.

44.6.3 'n Implementeringskomitee (IK) sal gekies word uit lede van die Implementeringsforum om oorsig te voorsien in die implementering van die Grondgebruiksooreenkoms en die Bestuursplan. Die Implementeringskomitee sal bestaan uit: die Kamiesberg Munisipaliteit, die Garies-lid van die meentkomitee, 'n persoon wat die belange van die grond gebruikers verteenwoordig, 'n verteenwoordiger van die Kamiesberg Toerisme Maatskappy en 'n persoon wat die belange van die ondersteenende organisasie verteenwoordig. Die IK sal ten minste een keer per kwartaal ontmoet. Sy funksies, take en operasie belange is in klousule 7 van die Grondgebruiksooreenkoms uitgelê. Die Grondwet van die Implementerings Forum en die Implementerings Komitee beskryf die doel en funksies van die IK en IF.

44.6.4 'n Projekbestuurder verantwoordelik sal wees vir dag tot dag implementering van die "Roodebergskloof

Grondgebruiksooreenkoms" en die Bestuursplan sal aangestel word. Hoe die projekbestuurder aangestel, befonds en hom/haar take geonderneem sal word is in klousule 7.9 van die Grondgebruiksooreenkoms"uitgelê.

44.7 Voorwaardes is neergestip in die notariële akte wat teen die titelaktes van toepassing op Roodebergskloof geregistreer is. Dit maak voorsiening vir die stigting van 'n verteenwoordigende bestuursliggaam (Munisipale Entiteit/Meentkomitee) wat moet toesien dat doeltreffende grondgebruikbestuurstelsels en reëlings bestaan, ingestel en afgedwing word, in samewerking met die Kamiesberg Munisipaliteit. Kragtens klousule 7.9.3 van die Grondgebruiksooreenkoms is die IK daardie verteenwoordigende bestuursliggaam (Munisipale Entiteit/Meentkomitee), soos deur die notariële akte vereis word. Die Munisipaliteit is 'n party tot hierdie ooreenkoms. Die Munisipaliteit mag mettertyd 'n breër meentkomitee daarstel vir bestuur van meentgronde wat Roodebergskloof mag insluit.

44.8 Conservation International is verantwoordelik om sekere aanvanklike natuur-gebaseerde toerisme ondernemings (fasiliteite en aanbiedinge) te ondersteun. Hulle is ook verantwoordelik om projekte met 'n bewarings perspektief te ondersteun

44.9 Ishabi is verantwoordelik vir die ontwikkeling van toeriste akommodasie en akkommodasie vir grondgebruikers by die opstal met die DEAT befondsing.

44.10 'n Projek advies komitee behels van een verteenwoordiger van die Kamiesberg Munisipaliteit, twee direkteurs van die Kamiesberg Toerisme Maatskappy, een amptenaar van die Departement van Omgewingssake en Toerisme en vier plaaslike grondgebruikers op die plaas en sal deur Ishabi gestig word om advies te versorg op die gebruik van die DEAT befondsing. Die advies komitee sal weg val wanneer die DEAT befondsde projek klaar is.

44.11 All toerisme fasiliteite wat op Roodebergskloof geontwikkel word sal die eiendom wees van die Kamiesberg Munisipaliteit. Die Kamiesberg Toerisme Maatskappy sal hierdie fasiliteite bestuur en instand hou in terme van 'n ooreenstemming wat geteken is met die Munisipaliteit. Dit is nodig om te verseker dat die grondgebruiker groepe nie verantwoordelik gehou word vir enige ongelukke of instandhoudingsprobleme met die toerisme infrastruktuur nie en dat beste praktyke gelei word deur 'n entiteit met toerisme ondervinding. Die Kamiesberg Toerisme Maatskappy sal ook verantwoordelik wees vir die bemarking van Roodebergkloof om 'n gereelde vloei van toeriste om na die plaas te verseker en sodoenende ook 'n meer gereelde vloei van inkomste geleenthede te genereer.

44.12 Die Kamiesberg Toerisme Maatskappy sal verseker dat grondgebruikers groepe prioriteit kennisgewing en inagneming vir alle posisies rondom natuur-gebaseerde toerisme aktiwiteite op die plaas kry en ten minste twee verteenwoordeges sal genooi word om op die keuringspaneel te dien vir enige poste of konsessie ooreenstemming. Enige groot bestuurskwessies of uitdaging wat deur die Toerisme Maatskappy geondervind word sal onder die aandag gebring word van die Implementeringskomitee vir bespreking en besluitneming.

45. Monitering

45.1 Grondgebruikers sal ooreenstem om ’n moniteringsproses met die ander rolspelers te ontwikkel en implementeer. Die moniteringsproses beoog infrastruktuur instandhouding en versekering dat weiding nie plante en grond onherroeplik beskadig nie met spesifieke verwysing na sleutel bewaringsareas. Party van die aspekte sal grondgebruikers toelaat om hulle besighede beter te kan bestuur. Monitering van die toestand van plantegroei en klimaat sal toelaat om hulle te help om proaktief te plan vir slegter of beter omstandighede van die weidingsbronne. Dit sal ook boere toelaat om te werk tot beplanning vir klimaatsverandering van ’n kennis van huidiglike omstandighede. Verantwoordelikheid om aksie te neem oor die uitkoms van die moniteringsaksies lê met die grongebruikers in samewerking met die IK.

45.2 **Bestuursaksies sal geonderneem word as volg:**

45.3 CI sal toegang tot hulpbronne soek om die dienste van gepasde navorsers van akademiese of navorsingsinstellings, soos b.v. CREW, ARC en die Kamiesberg Toerisme Maatskappy te verseker. Dit sal die ontwikkeling en implementeering van ’n moniteringsstelsel tesame met die Roodebergskloof grondgebruikers verseker. Die stelsel sluit in:

45.3.1 Monitering van plantegroei verandering: Eenvoudige metodes van die monitering van plantegroei verandering in antwoord tot klimaat en weiding sal deur ’n organisasie wat deur Conservation International geontwikkel word, saamwerk met grondgebruikers om te verseker dat die metode sterk genoeg is en maklik geinterpreteer word.

45.3.2 Monitering van spesiale spesies sal geonderneem word in lente en somer.

45.3.3 Reënval en temperature sal gemoniteer word om kort termyn bestuurs besluite in te lig en om boere toe te laat om aan te pas van ’n posisie van kennis oor klimaatsverandering. Een of meer grondgebruikers wat permanent op die plaas bly sal gevra word om reënval te meet met reënval meters en om daaglikse maksimum en minimum temperature op te neem. Hulle sal reënval elke morê in verskillende lokasies op die plaas meet na dit gereën het gedurende winter en somer. Die data sal in ’n spesifieke boek gehou word.

45.3.4 Afvloei van water sal gemeet word deur die meting van die damvlak elke maand. Die watervlak sal gemeet word deur ’n metaal paal in die diepste punt in die dam te plant gedurende die droë seisoen wanneer watervlakke laag is. Metings van die watervlak sal elke maand geneem word.

45.3.5 Monitering van diere toestand: Diere toestand is maklike om plantegroei kwaliteit te bepaal. Vee-eienaars sal ses bekende diere in sy trop gereeld monitor. Riglyne om diere toestand te bepaal sal opgeteken word volgens die Namibiese Plaaslike Vlak Moniterings riglyne met toevoer van LNR, SPP en Departement van Landbou.

45.3.6 Monitering van weiding: die sleutel instrument wat sal gebruik word vir veeboerderymonitering sal die weiding register wees wat deur die Munisipaliteit voorsien sal word en ’n self

moniteringsverslag wat duer die veeboere voorsien sal word. Elk vee-eienaar is verantwoordelik in terme van hom/haar kontrak met die Munisipaliteit om die Munisipaliteit te vvoorsien met hom/haar veegetalle en ander inligting op ’n jaarlikse basis.

45.3.7 Die Munisipaliteit sal die Implementeringskomitee voorsien met ’n moniteringsverslag op veeboedery op ’n ses-maandelikse basis wat gebasseer is op die inligting in die Weidingsregister opgeneem is. Dit sal die volgende insluit - die verandering in veegetalle; verhoging van instandhoudingsfooie; verlenging van weiperiodes; verandering van weigebeide van kampe.

45.3.8 Die vee-eienaar se self moniteringsverslag sal die volgende insluit: weidingsbeweging van troppe, infrastruktuur en instandhouding; toegewendheid met reëls van grondgebruik; probleem areas; op hoogte van vordering met aankoop van van addisionele grond; aanbevele.

45.3.9 Monitering van toerisme ontwikkeling en impak: Die Kamiesberg Toerisme assosiasie sal verantwoordelik wees om toerisme syfers te moniteer, besoekers opname ens.

Volume 3

Volhoubare Bestuur van Roodebergskloof: Operasionele Plan

Program 1: Bestuur van volhoubare veeboerdery en toegang tot veeboerdery

46. Projek: Veeboerdery

46.1 Taak: Evalueer en karteer die infrastruktuur

46.2 Taak: Draad gespan om drie kampe te demarkeer en voorsiening van waterpunte gemaak. Die plan moet deur die Department Landbou in samewerking met IK ontwikkel word. Die stelling van waterpunte moet verseker dat vee die hele kamp sal bewei en nie net in een deel van die kamp bly

46.3 Taak: Span draad en maak voorsiening vir water vir ramkamp

46.4 Taak: meet ramkamp en kalkuleer drakrag vir ramme

46.5 Verseker dat die riglyne vir oprigting en gebruik veeposte gevolg is

46.6 Taak: Verseker dat die drakrag nie oorskry is nie

46.7 Taak: Ontwikkel ‘n plan vir instandhouding van infrastruktuur

46.8 Taak: Ontwikkel riglyne vir volhoubare finansiele bestuur

46.9 Taak: Ontwikkel riglyne vir die gebruik van instandhoudings fooie

46.10 Taak: Maak ‘n bankrekening oop vir instandhoudingsfooie

46.11 Taak: Ondersteun vee-eienaars om addisionele weigrond te kry

46.12 Taak: Ondersoek “value-added” markte vir bewaringsvriendelik vleis

Program 2: Volhoubare insameling van natuurlike hulpbronne

47. Projek: Natuurlike hulpbronne

47.1 Taak: Identifiseer en karteer uitheemse plantegroei. Die plantgroei tippe moet by voorkeur vir vuurhout en boumaterieels gebruik word.

47.2 Taak: Die IK sal die reëls vir vuurmaakhout insameling opteken en toepas

47.3 Taak: Identifiseer plantsoorte wat vir bou materiale gebruik word

47.4 Taak: Ontwikkel ‘n volhoubare plan vir die gebruik van hierdie plante

Program 3: Bestuur van Organiese Akkerbou

48. Projek: Organiese Akkerbou

48.1 Taak: Ontwikkel waterbesparingmetode vir besproeing

48.2 Taak: Ondersoek markte vir organiese groente

48.3 Taak: Ontwikkel riglyne vir volhoubare finansiële bestuur van akkerbou

Programme 4: Bestuur van bewaringsgebiede

49. Projek: Eksklusiewe Bewaringsarea

49.1 Taak: Ontwikkel plan vir die demarkering van die eksklusiewe bewarings area

49.2 Taak: Demarkeer die eksklusiewe bewarings area

50. Projek: Plantspesies bestuur

50.1 Taak: Stel plantlyste op vir Roodebergskloof.

50.2 Taak: Karteer en bepaal die verspreiding en status van skaars, bedreigde en endemiese spesies op die Roodebergskloof.

50.3 Taak: Ontwikkel ‘n bestuurstrategie vir die skaars, bedreigde en endemiese plant spesies op Roodebergskloof.

50.4 Taak: Karteer veldtipe op Roodebergskloof

51. Projek: Dierspesies bestuur

51.1 Taak: Saamstel van spesies lyste vir soogdiere, reptiele, voëls, en waar moontlik invertibrata.

51.2 Taak: Bepaal en karteer die skaars, beskermde en endemiese dier spesies se verspreidings en status op Roodebergskloof.

51.3 Taak: Ontwikkel riglyne vir die bestuur van die Gemsbokke op Roodebergskloof.

52. Projek: Skadedoenende diere

52.1 Taak: Ontwikkel ‘n stel riglyne t.o.v. die bestuur van skadedoenende diere

52.2 Taak: Ontwikkel ‘n stel riglyne t.o.v. aanhouding van honde te Roodebergskloof

53. Projek: Veldbrand bestuur

53.1 Taak: Bepaal brandgeskiedenis

53.2 Taak: Ontwikkel veldbrand beleid.

54. Projek: Bestuur van vleilande

54.1 Taak: Evalueer die kondisie van en bestuur tot op datum van die vleilande op Roodebergskloof

54.2 Taak: Ontwikkel bestuursriglyne vir vleilande

55. Projek: Kulturele, historiese, argaeologiese en paleontologiese erfenis gebiede

55.1 Taak: Identifiseer enige kulturele, historiese, argaeologiese en paleontologiese erfenis gebiede.

55.2 Taak: Identifiseer en implementeer maatreels om enige kulturele, historiese, argaeologiese en paleontologiese erfenis gebiede te beskerm

56. Projek: Omgewingsopvoeding program

56.1 Ontwikkel plant identifikasie boekies.

56.2 Ontwikkel ’n omgewings bewusmaking en opvoeding program ir grondgebruikers.

Program 5: Bestuur van natuur-gebaseerde toerisme

57. Projek: Toerisme ontwikkeling

57.1 Taak: Implementeer die Toerisme Bestuurplan

Program 6: Implementering van die Bestuursplan

58. Projek: Implementering

58.1 Taak: Implementeringskomitee stel op ’n jaarlikse kalender van bestuursvergaderings

58.2 Taak: Implementeringskomitee identifiseer wie sal verantwoordelik wees om take te onderneem wat in die bestuursplan uitgelê is en sal verseker dat hulle uitgevoer is.

58.3 Taak: The Implementeringskomitee sal nuwe take identifiseer soos hulle nodig word om die bestuur van die plaas te ondersteun.

59. Projek: Monitering en evaluasie

59.1 Taak: Ontwikkel moniteringsbeleid vir Roodebergskloof

59.2 Taak: Vestig moniterings projekte (dit sluit in klimaat, watergebruik, veldtoestand, gebruik van volhoubare hulpbronne, veesyfers, finansiele en algemene bestuur, instandhouding en infrastruktuur)

59.3 Taak: Ondersoek en moedig navorsingsgeleenthede aan

60. Bylae A: Weidingsooreenkoms

61. Bylae B: Akkerbouooreenkoms

62. Bylae C:

Aanhengsel 1 **TABEL: WEI-REG ISTER VAN VEE EN ANDER DIERE WAT HUIDIGLIK OP ROODEBERGSKLOOF IS: 25 OKTOBER 2007**

Vee-eienaar	**Tipe vee**	**Ooie**	**Ram-me**	**Kapa-ters**	**Lammers (jonger as 6 maande)**	**Totaal nommer> 6 maande**	**Handtekening**
Willem Stewe	**skaap**	6	1		8		
	bok	64	1		47	72	
	ander diere						
Benjamin Henry Fortuin	**skaap**	23	1		18		
	bok	6			5	30 + GVE	
	ander diere	2 beeste, 4 honde, 3 henne en 1 haan en 8 kuikens					
Floors Benjamin Smith	**skaap**						
	bok	23	1	2	31	26	
	ander diere						
Kobus Maarman	**skaap**						
	bok	13	1		16	14 + varke?	
	ander diere	Varke12					
Gert Cloete	**skaap**						
	bok	10	2	2	12	14	
	ander diere						
Johannes Willem Swartz	**skaap**						
	bok	17	1	1	22	19	
	ander diere						
Dirk Henry Links	**skaap**	5					
	bok	37			37	42	
	ander diere	Honde 1					
Jan Stuurman	**skaap**						
	bok	15	1		8	16	
	ander diere						
Lena Kordom	**skaap**	4		1	1		
	bok	15	1	2	11	23	
	ander diere						
Anna Willems (Suster van Hendrik)	**skaap**						
	bok	38	1		39	39	
	ander diere						
Marietjie Karriem	**skaap**	3	1		4		
	bok	5			3	9	
	ander diere						
TOTAAL		**Skaap en bokke 304** **Skaap, bokke, beeste en varke 337** **Insluitend lammers 599**					

Vee-eienaar	Tipe vee	Ooie	Ram-me	Kapa-ters/hamels	Lammers (jonger as maande)	Totaal nommer> 6 maande	Merk van vee	Instandhoud-ingsfooi	Handtekening
Willem Stewe	skaap								
	bok								
Benjamin Henry Fortuin	skaap								
	bok								
Gert Albertus Smith	skaap								
	bok								
Floors Benjamin Smith	skaap								
	bok								
Kobus Maarman	skaap								
	bok								
Gert Cloete	skaap								
	bok								
Johannes Willem Swartz	skaap								
	bok								
Dirk Henry Links	skaap								
	bok								
Jan Stuurman	skaap								
	bok								
Lena Kordom	skaap								
	bok								
Vrou van Hendrik	skaap								
	bok								
Marietjie Karriem	skaap								
	bok								

Farm map showing infrastructure on farm at time of sale to the Kamiesberg Municipality